# LESING 1 –9 Februarie 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

Die bron van Geregtigheid, die Seun van Adam - die anker van die regverdiges. Die oordeel oor die konings en die magtiges

HENOG 48

[1] IN daardie plek het ek die **Fontein van Geregtigheid** gesien wat onuitputlik is, en rondom Haar was **baie Fonteine van Wysheid**; en almal wat dors was, het van Haar gedrink en is met Wysheid gevul, Hul woonplek was by die regverdiges en die apartes en die uitverkorenes. [Hooglied van Salomo 3:11; Wysheid van Sirah 24:7-8]

2 In daardie uur is die **Seun van Adam benoem** voor die Aangesig van die Elohey van die Geeste en is Sy Naam voor die Hoof [Oue] van Dae genoem. [MattithJaHûW 28:19]

3 Ja, voordat die son en die tekens geskep is, voordat die Sterre van die Hemele gemaak is, is Sy Naam genoem voor die Elohey van die Geeste.

4 Hy sal 'n Staf vir die regverdiges wees waaraan hulle hul kan anker, sodat hulle nie val nie, en Hy sal 'n Lig vir die nasies wees, en hoop vir die met 'n bekommerde hart. [JeshaJaH 10:26]

5 **Almal wat op die Aarde woon, sal neerval en Hom vereer**, Hom prys en seën en feesvier met sang voor die Aangesig van die Elohey van die Geeste. [Boekrol van die Opregte 49:35]


6 Daarom is Hy verkies en verborge voor HOM, van vóor die skepping van die wêreld af, en vir altyd.

7 **Die Wysheid van die Elohey van die Geeste het Hom openbaar** aan die apartes en die **regverdiges**; Hy bewaar die lot van die regverdiges, want hulle het hierdie **wêreld van Ongeregtigheid gehaat en verag**. Ja, hulle het al dié werke en dié weë in die **Naam van die Elohey van die Geeste** gehaat. Want in Sy Naam is hulle gered, en volgens Sy suiwer wil was Hy ter wille van hul lewens.

8 In daardie dae sal die konings van die Aarde 'n gevalle gesig hê, en die sterkes sal die Aarde besit as gevolg van die werke van hulle hande, want in die dag van hulle angs en lyding sal hulle nie in staat wees om hulself te kan red nie,

9 en Ek sal hulle oorgee in die hande van My uitverkorenes. [Psalm 149:9] Soos strooi in die vuur, só sal hulle verbrand voor die aangesig van die apartes; soos lood in die water, so sal hulle sink voor die aangesig van die **regverdiges**, en daar sal nooit weer 'n teken van hulle te vinde wees nie.

10 Op die dag van hul lyding sal daar rus op die Aarde wees, en voor hulle aangesig sal hulle val en nie weer opstaan nie. Daar sal niemand wees wat hulle hand na hulle uitreik en hulle help nie; **want hulle het die Elohey van die Geeste en Sy Gesalfde misken**. Geseënd is die Naam van die Elohey van die Geeste!



## LESING 2 –10 Februarie 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

### HOOGLIED 1

1:1 DIE hooglied van Salomo.

[DIE VROU PRAAT:]

1:2 Laat Hy My kus met kusse van Sy Mond; want **U liefde** is suiwerder as wyn.

1:3 Die aroma van U salf is suiwer, U Naam is soos salf wat uitgegiet is; **daarom het die maagde U lief**.

1:4 Trek My agter U aan, laat Ons gou maak! **Die Koning het My in Sy binnekamers gebring**. Ons wil juig en Ons in U verheug, Ons wil U liefde prys meer as wyn. Met Reg het hulle U lief.

1:5 **Ek is swart (duister), maar lieflik**, o Dogters van Jerusalem, soos die tente van Kedar (seun van Ismael, donker tent of vel) soos die gordyne van Salomo. [Klaagliedere 4:7-8, Klaagliedere 5:2]

1:6 Moenie na My kyk omdat Ek so swart is, **omdat die Son My verbrand het nie**: die Seuns van My Moeder was toornig op My; hulle het My aangestel as oppasser van die Wingerde; **My eie Wingerd het Ek nie opgepas nie**. [Odes van Salomo 15:6]

1:7 Vertel My tog, wie My Siel liefhet, **waar laat U wei**, waar laat U smiddags die vee lê en rus? Want waarom sou Ek wees soos **een wat Haar met 'n sluier toedraai** by die kuddes van U metgeselle?

1:8 [**DIE MAN ANTWOORD**:] As U dit self nie weet nie, mooiste onder die vroue, gaan dan uit op die spore van die **skape** en laat U **bokkies** wei by die **Tabernakels van die herders**.

1:9 Met die perde voor 'n wa van Farao vergelyk Ek U, My vriendin!

1:10 Lieflik is U wange tussen die kettinkies, U hals in die snoere.

1:11 Ons sal vir U goue kettinkies maak met silwerknoppe.

1:12 [**DIE VROU**:] So lank as die Koning aan Sy tafel was, het My nardus Sy aroma gegee.

1:13 My Beminde is vir My 'n bossie mirre wat tussen My borste rus.

1:14 My Beminde is vir My 'n tros hennablomme in die Wingerde van Éngedi. [JeségiEl 47:10]

1:15 [**DIE MAN**:] Hoe mooi is U tog, My vriendin! Hoe mooi is U tog, **U oë is soos duiwe**!

1:16 [**DIE VROU**:] Hoe mooi is U tog, My Beminde, ja lieflik; ook is Ons bed in die groenigheid.

1:17 Die balke van Ons huise is seders, Ons paneelwerk sipresse.

### HOOGLIED 2

2:1 [**DIE MAN**:] EK is 'n roos van Saron, 'n lelie van die dale.

2:2 **Soos 'n lelie tussen die dorings, so is My vriendin onder die Dogters**. [2 Ezra 5:24; DaniEl 13:2]

2:3 [**DIE VROU**:] Soos 'n appelboom onder die bome van die bos, so is **My Beminde onder die Seuns**. Ek het verlang om in Sy skaduwee te sit, en Sy vrugte is soet vir My verhemelte.

2:4 Hy het My in die **wynhuis** ingebring, en Sy vaandel oor My was die liefde.

2:5 Versterk My met rosynekoeke, verkwik My met appels, want Ek is krank van liefde.

2:6 Laat Sy linkerarm onder My hoof wees en Sy regterarm My omhels.

2:7 Ek besweer julle, Dogters van Jerusalem, by die gemsbokke of by die takbokke van die veld, om nie die liefde wakker te maak of op te wek voordat dit die [liefde] behaag nie.

2:8 Hoor, My Beminde, kyk, daar kom Hy! Hy spring oor die berge, Hy huppel oor die heuwels.

2:9 My Beminde lyk soos 'n gemsbok of soos 'n jong takbok. **Daar staan Hy agter Ons muur**! Hy kyk deur die vensters in, **Hy speur deur die tralies heen**. [Psalm 78:61; 88:11; 142:7; Odes van Salomo 21:2]

2:10 [**DIE VROU KWOTEER DIE MAN**:] My Beminde begin toe en sê vir My: Staan op, My vriendin, My skone, kom dan tog!

2:11 Want kyk, **die winter is verby**, die reëntyd is oor, dit het verbygegaan.

2:12 Die bloeisels word gesien in die Aarde, die sangtyd het aangebreek, **en die Tortelduif laat Haar Stem hoor in Ons Aarde.**

2:13 Die **Vyeboom** laat Haar voorvye uitswel, en die **Wingerdstokke** wat bot, versprei aroma. **Staan op, My vriendin,** My skone, kom dan tog! [MattithJaHûW 24:32]

2:14 **My Duif in die rotsklowe, in die skuilplek by die krans**, laat My U gedaante sien, laat My U Stem hoor; want U Stem is soet, en U gedaante is lieflik.

2:15 Vang julle vir Ons die jakkalse, die klein jakkalse wat die Wingerde verniel, want Ons Wingerde staan in die bot.

2:16 [**DIE VROU**:] My Beminde is Myne, en Ek is Syne wat Herder is onder die lelies.

2:17 Totdat die aandwind waai en die skaduwees vlug, kom aan, My Beminde, maak soos die gemsbok of soos die jong takbok op die berge van skeiding.



## LESING 3 –11 Februarie 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

### LUKAS 3:22

*...en die **Gees van die Apartheid** het in liggaamlike gedaante **soos 'n Duif** op Hom neergedaal; en 'n Stem het uit die Hemele gekom wat sê: **U IS MY GELIEFDE SEUN**; IN U HET EK 'N WELBEHAE. [Odes van Salomo 24:1-2]*

### HOOGLIED 2:12, 14

*Die bloeisels word gesien in die Aarde, die sangtyd het aangebreek, **en die Tortelduif laat Haar Stem hoor in Ons Aarde.***

*2:14 **My Duif in die rotsklowe, in die skuilplek by die krans**, laat My U gedaante sien, laat My U Stem hoor; want U Stem is soet, en U gedaante is lieflik.*

### ODE VAN SALOMO 28

**['n Ode deur die Seun oor die Trooster, die Duif]**

**28 SOOS die Vlerke van 'n Duif oor haar kleintjies en die bekke van die kleintjies gerig is na hulle [moeders se] bekke, so ook is die Vleuels van die Gees oor My Siel. [**Hooglied van Salomo 3:11, 6:9]

2 **My Siel is verheug** en spring op van vreugde, soos die kindjie wat in **Sy Moeder se baarmoeder** opspring.

3 Ek het geglo: daarom was Ek rustig, want HOM in wie Ek geglo het, is getrou.

4 HY het My ryklik geseën en My hoof is tot HOM gerig; en geen swaard sal My van HOM skei nie, ook geen lem nie;

5 Want Ek is gereedgemaak voordat vernietiging gekom het, en Ek is neergesit op **SY onverderfbare Vleuels,**

6 **Ewige Lewe het My omhels en My gekus**.

7 **Deur Haar is die Gees binne My en Sy kan nie sterf nie, want Sy lewe**.

### PSALM 18

Dink hieraan: Die vyand het JaHWeH gesmaad, en 'n **dwase volk het U Naam verag**.

19 Gee aan die wilde wesens **die Siel van U Tortelduif** nie oor nie; vergeet nie vir altyd die lewe van U ellendiges nie. [Hooglied van Salomo 2:12 ; 5:2]

20 Kyk na die Verbond, want die **donker plekke van die Aarde is vol wonings van geweld.**

21 Laat die **verdrukte** nie beskaamd terugkom nie; laat die **ellendige en behoeftige** U Naam prys.

22 Staan op, o Elohim, verdedig U saak; dink aan die smaad wat U die hele dag aangedoen word deur 'n dwaas.

23 Vergeet nie die geroep van U teëstanders nie - die rumoer van U opstandige vyande, wat voortdurend opgaan!

### HOOGLIED 3

[**DIE VROU (vervolg)**:]

3:1 OP My bed snags het Ek na haar [**Sy siel**] gesoek, **wie My Siel liefhet**, Ek het na Hom gesoek, maar Hom nie gevind nie.

3:2 Ek wil dan opstaan en in die **Stad** rondgaan, in die strate en op die pleine **wil Ek na haar soek [Sy siel], My Siel het haar [Sy siel] lief; Ek het na Hom gesoek, maar Hom nie gevind nie.**

3:3 **Die wagte** wat in die Stad rondgaan, het My aangetref. Het julle haar [Sy siel] nie gesien wie My Siel liefhet nie?

3:4 Skaars het Ek van hulle af verder gegaan, of het Ek haar gevind [Sy siel] wie My Siel liefhet; Ek het Hom vasgehou en Hom nie gelos **voordat Ek Hom gebring het in die Huis van My Moeder en in die binnekamer van Haar wat My gebaar het nie**. [Profesie van Barug 4:21]

3:5 Ek besweer julle, Dogters van Jerusalem, by die gemsbokke of by die takbokke van die veld om nie die liefde wakker te maak, of op te wek voordat dit die liefde behaag nie.

3:6 Wie is daar wat daar opkom uit die wildernis soos rookpilare, gegeur met **mirre en wierook**, met allerhande speserye van die koopman?

3:7 Kyk, dit is die **draagstoel van Salomo**, sestig dapperes daarom vir Haar, van die dapperes van JisraEl,

3:8 hulle almal met 'n swaard gewapend, geoefend vir oorlog, elkeen met Sy swaard aan Sy heup vanweë die nagtelike verskrikking.

3:9 Koning Salomo het vir Hom 'n draagstoel gemaak van die hout van die Líbanon;

3:10 die steile daarvan het Hy gemaak van silwer, die leuning van goud, die sitplek van purper, die binnekant mooi opgemaak - 'n liefde [gawe] van die Dogters van Jerusalem.

3:11 **Kom uit, Dogters van Sion, en aanskou met Vreugde die Koning Salomo, die Kroon waarmee Sy Moeder Hom bekroon het op Sy troudag en op die dag dat Sy hart vrolik is**. [Boekrol van Henog 48:1; 2 Ezra 7:26; Spreuke 12:4]

## LESING 4 –12 Februarie 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

### HOOGLIED VAN SALOMO 4

1 [**DIE MAN**:] HOE mooi is U tog, My vriendin, hoe mooi is U tog, **U oë is soos duiwe deur U sluier heen;** U hare is soos 'n kudde bokke wat van die gebergte van Gílead afgolf.

2 U tande is soos 'n kudde pas geskeerde [skape] wat van die **drinkplek** opkom, wat almal tweelinge het, en geeneen onder hulle is sonder lam nie.

3 U lippe is soos 'n skarlaken band, en U mond is lieflik. **U slape is soos 'n granaatskyf deur U sluier heen.**

4 U hals is soos die Dawidstoring, gebou met muurkranse waar die duisend skilde in hang, almal **skilde van dapperes**. [Die Profeet Miga 4:8; Spreuke van Salomo 18:10]

***Miga 4:8*** *En U, **Toring van die skape**, (Migdol) Vesting van die Dogter van Sion, na Jou sal dit kom, ja, die vroeëre heerskappy sal kom, **die Koningskap vir die Dogter van Jerusalem**. [Spreuke 18:10; Hooglied van Salomo 4:4]*

***Efesiërs 6:16*** *Behalwe dit alles neem die skild **van die geloof** op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.*

5 U **twee borste** is soos twee lammers, tweelinge van 'n gemsbok, wat onder die lelies wei.

***1Petrus 2:2*** *en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste Melk van die Woord, dat julle deur haar kan opgroei,*

6 Totdat die aandwind waai en die skaduwees vlug, sal Ek gaan na die mirreberg en na die wierookheuwel. [Wysheid van Sirah 24:15]

7 Alles is mooi aan U, My vriendin, **en U is nie gekleurd nie.**

8 **Saam met My van die Líbanon af, Bruid, saam met My van die Líbanon af, o kom**! Trek af van die top van Amána, van die top van Senir en van Hermon, van die lêplekke van die leeus, van die berge van die luiperds. [Deuteronómium 3:9]

9 **U het My Hart gesteel**, My Susterbruid, U het My Hart gesteel met een [straal] van U oë, met een kettinkie van U halssieraad.

10 Hoe skoon is U liefde, My Susterbruid, hoeveel beter is U liefde as wyn en die aroma van U salf as al die speserye!

11 **Heuningstroop drup van U lippe af, Bruid, heuning en melk is onder U tong**, en die aroma van U klere is soos die aroma van die Líbanon. [Odes van Salomo 30:4; JeshaJaH 51:3]

***Deut. 26:9*** *en Hy het ons na hierdie plek gebring en ons hierdie Aarde gegee, **'n Aarde wat oorloop van melk en heuning.***

12 **My susterbruid is 'n <u>geslote</u> Tuin, 'n geslote Bron, 'n verseëlde Fontein**. [JeshaJaH 51:3]

13 U spruite is 'n park van granate met kostelike vrugte, hennablomme met nardus,

14 nardus en saffraan, kalmoes en kaneel, met allerhande wierookstruike, mirre en alewee, met allerhande **kostelike speserye**.

15 **U is 'n Fontein van die tuine, 'n put met lewende water wat van die Líbanon afvloei**. [JeHôWshua 4:7]

16 [**DIE VROU**:] Word wakker, **noordewind**, en kom, **suidewind**, **deurwaai My Tuin**, laat Sy balsemgeure uitvloei! **Laat My Beminde in Sy Tuin kom en van Sy kostelike vrugte eet**.



## LESING 5 –13 Februarie 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

### Die wonings van Wysheid en van Ongeregtigheid

**Henog 42** WYSHEID het geen plek gevind waar Sy kon woon nie; **toe is 'n woonplek vir Haar in die Hemele aangewys**. [Wysheid van Sirah 24:7]

2 Wysheid het uitgegaan en woonplek tussen die kinders van die adam gesoek en het geen woonplek gevind nie: Wysheid het na Haar plek teruggekeer en het **Haar sitplek tussen die Boodskappers** ingeneem.

3 **Maar Besoedeling het uit haar kamers uitgekom,** en wie sy nie gesoek het nie, het sy gevind en gewandel onder hulle soos reën in 'n woestyn en dou in 'n dorsland. [Spreuke 9:13-18; Hoséa 2:2; 2 Ezra 7:101]

**Openbaring van Henog 11:53** Die Duiwel is die **gees van besoedeling van benede**, as 'n vlugteling het hy **Satana van die Hemele gemaak** omdat sy naam **Sataniël** was, so het hy verskillend van die boodskappers geword,

54 maar sy geaardheid het nie sy intellek [kennis] verander wat **sy begrip van Geregtigheid en oortreding** betref nie.

### HOOGLIED van SALOMO 5

1 [**DIE MAN**:] EK het in **My Tuin** gekom, My susterbruid, Ek het My mirre met My balsem gepluk, Ek het geëet van My heuningkoek met My heuning, Ek het gedrink My wyn met My melk; eet, **vriende**, drink en word vrolik, **bemindes**. [2 Nikodémus 5:1]

2 Ek het geslaap, maar My Hart het gewaak. Hoor, My Beminde klop: Maak vir My oop, **My suster, My vriendin, My Duif, My rasegte**! Want My hoof is vol **Dou**, My haarlokke vol nagdruppels. [Psalm 74:18; 2 Ezra 2:15]

3 **Ek het My kleed uitgetrek**, hoe kan Ek hom weer aantrek? Ek het My voete gewas, hoe kan Ek hulle weer vuil maak? [JeHôWganan 13:8]

4 [**DIE VROU**:] My Beminde het Sy hand **deur die deuropening gesteek**; toe het My binneste oor Hom in beroering gekom; [2 Nikodémus 5:1]

5 Ek het opgestaan om vir My Beminde oop te maak, terwyl My hande drup van mirre en My vingers van vloeiende mirre op die handpalms **van die grendel**. [Wysheid van Sirah 24:15]

6 Ek het vir My Beminde oopgemaak, maar **My Beminde het weggedraai,** verbygegaan; My Siel het uitgegaan toe Hy gespreek het; Ek het na Hom gesoek, maar Hom nie gevind nie; Ek het na Hom geroep, maar Hy het My nie geantwoord nie. [2 Ezra 10:1, 48; Odes van Salomo 21:6]

7 Die wagte wat in die Stad rondgaan, het My aangetref; hulle het My geslaan, My gewond; die wagte by die mure **het My mantel van My afgeneem**.

8 Ek besweer julle, Dogters van Jerusalem, as julle My Beminde vind, wat sal julle Hom vertel? Dat Ek krank is van liefde.

9 [**DIE DOGTERS**:] Wat is U Beminde meer as 'n ander beminde, o skoonste onder die vroue - wat is U Beminde meer as 'n ander beminde, dat U Ons so besweer het?

10 [**DIE VROU**:] **My Beminde is skitterend wit en rooi**, uitnemender as tienduisend....

**Ode van Salomo 1:1** JaHWeH is soos 'n **Krans op My hoof** en Ek sal Hom nie verlaat nie. [Exodus 28:36; ZekarJaH 3:5; Openbaring 2:10]

2 **Die Krans van Waarheid is vir My gevleg**, en Sy het U takke binne My laat bot;

**Ode 3:4** Wie kan die liefde verstaan, **behalwe hy wat liefde ontvang?**

5 **Ek het die Uitverkorene lief**, my siel het Hom lief; en waar Sy rus is, daar is ek ook.

6 Ek sal nie 'n vreemdeling wees nie, want die Hoogste El en die barmhartige Meester koester geen wrok nie.

7 Ek is verenig met Hom, **want die geliefde het die Geliefde Een gevind**, omdat ek **daardie Seun** liefhet, sal ek 'n seun word.

8 Want hy wat verbind is met Hom wat nie sterf nie, hy sal ook onsterflik word.

9 Hy wat in U glo, sal 'n lewende wese word.

10 **Sy is die Gees van Waarheid van JaHWeH wat die mense Sy Weë leer**. [JeHôWganan 14:26 en 16:13]

11 Wees wys, en verstaan en wees opmerksaam. Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!

**Ode van Salomo 9:8 Waarheid is 'n ewige Kroon**; geseënd is diegene **wat Haar op hul hoofde plaas**, [Exodus 28:36, 37; ZekarJaH 3:5; Openbaring 2:10]

9 **'n Steen van groot waarde**; want die oorloë is as gevolg van die **Kroon**;

10 **En Geregtigheid het Haar geneem, en Haar aan julle gegee**. [JeshaJaH 60:17]

11 Sit die Kroon op in die ware Verbond van JaHWeH; en almal wat oorwin het, **sal in Sy Boek opgeskryf word;** [Openbaring 21:27]

12 Want Sy Boek is die oorwinning wat julle s'n is; en Hy sien julle daarvoor en Hy begeer dat julle verlos word.

Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!

***Henog 48:1*** *IN daardie plek het ek die* ***Fontein van Geregtigheid*** *gesien wat onuitputlik is, en rondom Haar was* ***baie Fonteine van Wysheid****; en almal wat dors was, het van Haar gedrink en is met Wysheid gevul, Hul woonplek was by die regverdiges en die apartes en die uitverkorenes. [Hooglied van Salomo 3:11; Wysheid van Sirah 24:7-8]*

## LESING 6 –15 Februarie 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

Hooglied van Salomo 6

1 [**DIE DOGTERS**:] WAAR het U Beminde heengegaan, o skoonste onder die vroue? Waarheen het U Beminde Hom gewend, dat Ons Hom saam met U kan soek?

2 [**DIE VROU**:] My Beminde het afgeloop na **Sy Tuin**, na die balsembeddings om Hom te vermaak in die tuine en om **lelies te versamel**.

3 Ek is My Beminde s'n, en My Beminde is Myne - **Hy wat Herder is onder die lelies.**

4 [**DIE MAN**:] Mooi is U, My vriendin, soos Tirsa (*heerlikheid*), lieflik soos Jerusalem, verskriklik soos slagordes met vaandels. [Númeri 27:1]

5 Draai U oë van My af weg, want hulle *gryp My aan*; U hare is soos 'n kudde bokke wat van Gílead afgolf.

6 U tande is soos 'n kudde skaapooie wat van die drinkplek af opkom, wat almal tweelinge het, en geeneen onder hulle is sonder lam nie.

7 U slape is soos 'n granaatskyf **deur U sluier** heen.

8 Daar is sestig koninginne en tagtig byvroue en maagde sonder getal. [Spreuke van Salomo 9:3]

9 **Een, dié is My Duif, My rasegte, die enigste vir Haar Moeder; Sy is die Uitverkorene vir die Een wat Haar gebaar het**. [Psalm 45:14; Profesie van Barug 4]

[**OOR HAAR BEWONDERAARS**:] Die Dogters het Haar gesien en Haar geseënd geprys, die koninginne en die byvroue, en Haar geroem:

10 Wie is dit wat daar opkom soos die dagbreek, mooi soos die maan, helder soos die son, verskriklik soos slagordes met vaandels?

11 [**DIE MAN**:] Ek het afgeloop na die neutetuin om te kyk na die **uitspruitsels** in die dal, om te kyk of die **Wingerdstok** uitloop, die **granate** blom.

12 Voordat Ek dit geweet het, **het My Siel My verplaas op die waens van My edele volk.**

13 **Kom terug, kom terug; Sulammitiese (***vredevolle een***), kom terug, kom terug**, dat Ons U kan aansien. Wat sien julle aan die Sulammitiese? Iets soos die koordans in die soldatekamp.

[Ode deur die Bruid oor die Seun en die VADER.]
Ode van Salomo 7

1 SOOS die verloop van toorn oor besoedeling, so is die verloop van Vreugde oor **die Geliefde Een**; en Hy bring van die vrugte in sonder teëstand.

2 My Vreugde is in JaHWeH, en My rigting is na Hom: **Hierdie Weg van My is mooi**;

3 Want Ek het 'n **Helper** in JaHWeH. Hy maak Homself sonder teësinnigheid aan My bekend in Sy edelmoedigheid; want in Sy Suiwerheid **sit Hy Sy Majesteit eenkant.**

4 **Hy het soos Ek geword, sodat Ek Hom sou aanvaar: In voorkoms het Hy soos Ek gelyk, sodat Ek My in Hom sou klee.** [JeHôWganan 1:14]

5 En Ek het nie gebewe toe Ek Hom aanskou nie, want Hy het deernis met My gehad.

6 **Hy het geword soos My natuur**, sodat Ek Hom kon leer ken, en soos My gestalte, sodat Ek nie van Hom sou wegdraai nie. [JeHôWganan 1:14]

7 Die VADER van Kennis gee die **Woord van Kennis**:

8 HY wat Wysheid geskep het, is wyser as Haar werke;

9 en HY wat My geskape het voordat Ek ontstaan het, **het geweet wat Ek sou doen wanneer Ek daar was**. [JeHôWganan 14:16]

10 Daarom het HY My jammer gekry deur SY groot Medelye, en het My toegelaat om van HOM te vra, **en om van SY Slagdier te ontvang;** [Hebreërs 10:12]

11 Want Hy is onverderfbaar, die voleinding van die eeue en hulle VADER.

12 **HY het Hom toestemming verleen om te verskyn aan hulle wat Syne is,** dat hulle Hom kon herken wat hulle gemaak het en sodat hulle nie dalk mag dink dat hulle deur hulself ontstaan het nie.

19 En hulle sal JaHWeH **in Sy Liefde prys**, want Hy is naby en Hy sien.

20 En haat sal van die Aarde verwyder word, en sal verdrink saam met afguns;

21 **Want Dwaasheid is vernietig**, omdat die Kennis van JaHWeH gekom het. [Spreuke 9:13]

22 Diegene wat sing, sal sing van die **Barmhartigheid** van JaHWeH, die Hoogste El, en hulle sal hul psalms aanbied;

23 Hul hart sal soos die dag wees en die klank van hul stemme soos die wye skoonheid van JaHWeH. Niks wat lewe sal onkundig of stom wees nie;

24 **Want Hy het aan Sy (***gevalle***) skepping 'n Mond gegee, om die Stem van die Mond oop te maak en Hom te loof**.

# LESING 7 –16 Februarie 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

Hooglied van Salomo 7

1 [**DIE MAN**:] HOE mooi is U skrede in die skoene, o **edele Dogter**! Die golwende lyne van U heupe is soos halssierade, 'n werk van kunstenaarshande.

2 U nawel is 'n ronde kom - laat die gemengde wyn nie ontbreek nie. U liggaam is 'n hoop koring, omring deur lelies.

3 U twee borste is soos twee lammers, tweelinge van 'n gemsbok. [Hoséa 2:2]

4 U hals is soos 'n ivoortoring, U oë vywers in Hesbon by die Poort Bat-Rabbim; U neus soos die Toring van die Líbanon wat na Damaskus toe uitkyk.

5 [**DIE VROU**:] U hoof op U is soos die Karmel, en die golwende hare van U hoof soos purper - 'n Koning gevang in haarlokke!

6 **Hoe mooi en hoe lieflik is U, o Liefde**, onder al die genietinge!

7 [**DIE MAN**:] U hoë gestalte daar lyk soos 'n dadelpalm, en U borste soos vrugtetrosse.

8 Ek het gedink: Laat Ek op die dadelpalm klim, laat Ek Haar trosse gryp; en laat U borste tog wees soos trosse van die Wingerdstok, en die aroma van U asem soos dié van appels, [Hoséa 2:2]

9 en U verhemelte soos die suiwerste wyn wat vir My Beminde saggies na binne gly, en oor die lippe vloei en **laat die wat slaap, praat**.

10 [**DIE VROU**:] **Ek is My Beminde s'n, en Sy begeerte is na My.**

11 Kom, My Beminde, laat Ons uitgaan in die veld, laat Ons in die dorpe vernag.

12 Laat Ons vroeg na die **Wingerde** gaan, laat Ons sien of die **Wingerdstok uitloop, die druiwebloeisel oopgaan, die granate blom**. Daar sal Ek U My liefde gee. [JeshaJaH 18:5]

13 Die liefdesappels gee aroma, en by Ons deure is allerhande kostelike vrugte, **vars en oud**; o My Beminde, **hulle het Ek vir U weggebêre**. [Odes van Salomo 28:2]

Ode van Salomo 12

[Die Gees van Waarheid getuig]

1 **HY het my gevul met die woorde van Waarheid**, sodat ek van Hom mag spreek;

2 **Waarheid** het uit my mond gevloei soos 'n stroom water, en my lippe het **Haar vrugte** bekend gemaak.

3 Sy het my laat oorloop met Haar Kennis, want die **Mond van JaHWeH is die ware Woord**, en die Poort van Sy Lig.

4 Die Hoogste El het Haar **aan Sy wêrelde gegee**, die vertolkers van Sy Prag, en die vertellers van Sy Glansrykheid, en die belyers van Sy denke, en die verkondigers van Sy gedagte, **en die Apartheid van Sy werke.**

5 Want van die vlugheid van Haar woord kan nie vertel word nie, en soos Haar vertelling, so ook is Haar snelheid en Haar spoed, en Haar rigting is onbeperk:

6 **Sy val nooit, maar staan vas, en Sy ken nie Haar afkoms, nog Haar weg nie.**

7 Want soos Haar werk is, so is Haar verwagting; want Sy is die Lig en sonsopkoms van gedagtes.

8 **En deur Haar het die wêrelde met mekaar gepraat,** en hulle wat stom was, het spraak bekom;

9 **En deur Haar het vriendskap en samehorigheid ontstaan,** en hulle het die een met die ander gespreek, dit wat hulle te sê gehad het;

10 En hulle is aangespoor deur die Woord; **en hulle het Hom wat hulle gemaak het, geken**, want hulle het saamgestem;

11 Want die **Mond van die Hoogste El** het met hulle gespreek, en deur **Haar** het Sy openbaring vrye teuels gehad.

12 **Want die Woning van die Woord is die Seun van Adam. En die Waarheid is Sy Liefde**.

13 Geseënd is hulle wat alles deur Haar verstaan het, **en JaHWeH in Sy Waarheid geken het**.

Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!

# LESING 8 –17 Februarie 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

Hooglied van Salomo 8

1 [**DIE VROU vervolg**:] AG, was U maar vir My soos 'n broer wat aan die **borste van My Moeder** drink! As Ek U daar buite vind, Ek sou U kus; en tog sou hulle My nie verag nie.

2 **Ek sou U lei, Ek sou U bring in die Huis van My Moeder;** Sy sou My leer; Ek sou U laat drink van die gekruide wyn, en van My soet wyn van granaat.

3 Laat Sy **linkerarm** onder My hoof wees en Sy **regterarm** My omhels.

4 Ek besweer julle, Dogters van Jerusalem: Waarom wil julle wakker maak en waarom wil julle **opwek die liefde voordat dit die [liefde] behaag?**

5 [**DIE DOGTERS**:] Wie is **Sy** wat daar opkom uit die wildernis, wat leun op Haar Beminde? [Openbaring 12:1]

[**DIE VROU**:] Onder die appelboom het Ek U opgerig. **Daar was U Moeder in barensweë oor U, daar was Sy in barensweë wat U voortgebring het**.

6 Dra My **soos 'n Seëlring** op U hart, soos 'n Seëlring op U arm; want die liefde is kragtig soos die Dood, die jaloesie is wreed soos die Doderyk/Sheol, haar gloed is 'n gloed van vuur, 'n vlam. [Wysheid van Sirah 17:22; Haggai 2:23]

7 Groot waters kan die liefde nie uitblus en riviere haar nie oorstroom nie; **al gee 'n man ook al die goed van Sy huis vir die liefde**, hulle sou Hom diep verag.

8 [**DIE DOGTERS**:] Ons het 'n **klein sustertjie** wat nog nie borste het nie; wat moet Ons met Ons suster maak dié dag as Sy gevra word?

9 As Sy 'n muur is, sal Ons 'n muur met Haar bou, en as Sy 'n deur is, sal Ons Haar met 'n sederplank toeslaan.

10 [**SUSTERTJIE**:] **Ek is 'n muur, en My borste soos torings:** toe het Ek in Sy oë geword soos een wat **Vrede vind**.

11 **Salomo het 'n Wingerd in Baäl-Hamon gehad; Hy het die Wingerd aan die oppassers oorgegee**; elkeen moes vir Sy vrugte duisend [sikkels] silwer inbring.

12 **My Wingerd, Myne**, **is hier voor My**, die duisend [sikkels] is vir U, Salomo, en tweehonderd vir die wat Sy vrugte bewaak.

13 [**DIE MAN**:] U wat in die tuine woon - vriende luister na U stem; laat My dit hoor.

14 [**DIE VROU**:] Vlug, My Beminde, en maak soos die gemsbok of die jong takbok op die balsemberge.

Odes van Salomo 19
[Die verwekking van die JaHWèshua]

1 ‘N BEKER saad was My (die *OerMoeder*) aangebied, en Ek het hom ingeneem as die soetheid van die Suiwerheid van JaHWeH (*die Vader*).

2 Die **Seun** is die Beker en HY wat getap is, is die **VADER**, en Sy wat HOM getap het, is die **Gees van Apartheid;**

3 Want SY saadorgaan was vol, en dit was nie wenslik dat SY saad sonder rede afgeskei word nie;

4 **Die Gees van Apartheid het Haar skoot geopen en die saad vanuit die twee saadselle van die VADER vermeng**, [Lukas 2:21]

5 en het **die Mengsel aan die wêreld gegee** sonder dat hulle daarvan bewus was; en hulle wat **Hom** ontvang, is in die volheid van die **Regterhand**.

6 Die baarmoeder van die maagd het **Hom omhels** en sy het swanger geword en gebaar.

7 Die maagd het ‘n moeder met groot deernis geword;

8 Sy was in barensweë en **het ‘n Seun gebaar sonder om pyn te voel,** omdat Hy nie sonder ‘n rede ontstaan het nie;

9 Sy het nie ‘n vroedvrou verlang nie, **want HY het haar verlos**. [Boodskap van Jakobus 19:3]

10 Sy het gebaar, soos dit is, ‘n Man, deur die Wil van Elohim, en het Hom gebaar en **Hom bekend gemaak**, en het Hom in groot Krag verkry;

11 En sy het Hom liefgehad met die bevalling, en Hom bewaak met minsaamheid en Hom in grootheid bekend gemaak. [Boekrol van Henog 62:7]

Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!

# LESING 9 –18 Februarie 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

Ode van Salomo 33
[Die Seun spreek]

1 MAAR weereens het Barmhartigheid padgegee en Verdorwenheid agtergelaat, en op Hom neergedaal om Hom tot niet te maak.

2 Hy het voor HOM **totale vernietiging** aangerig, en al Sy werke bederf.

**[Die Besoedelde:]** *(die vals Jesus of Antichris)*

3 HY het op 'n hoë piek gestaan en sy stem laat hoor, van een uiteinde van die Aarde tot die ander;

4 En hy het na hóm aangetrek, almal wat hom gehoorsaam het en hy het nie voorgekom as die **Besoedelde een** nie.

**[Die Waarheid:]**

5 MAAR 'n **Volmaakte Maagd** het gestaan, en aangekondig en uitgeroep en gesê,

6 Draai om, julle seuns van adam, en julle, hulle dogters, kom,

7 En verlaat die **weë van verdorwenheid** en kom na My;

8 En **Ek sal julle binnedring** en julle uit vernietiging haal en julle wys maak in die **Weë van Waarheid**.

***Johannes 14:16*** *EN Ek sal die VADER versoek, en HY sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: [Odes van Salomo 7:9; JesegiEl 36:26]*

*Joh 14:17 die **Gees van die Waarheid** wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat sy Haar nie sien en Haar nie ken nie; maar julle ken Haar, omdat Sy by julle bly en **in julle** sal wees. [1 Ezra 4:33-40]*

*Joh 14:18 Ek sal julle **nie as wese** agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.*

9 Moenie verdorwe raak nie, en moenie tot niet gaan nie.

10 Luister na My en word verlos. Want Ek verkondig aan julle die **Barmhartigheid van Elohim**.

11 **Deur My sal julle verlos word en geseënd word: Ek is jul Regter.**

***Johannes 12:48*** *Wie My verwerp en My Woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: **die woord wat Ek gespreek het**, dit sal hom oordeel in die laaste dag.*

12 En diegene wat hulle met My beklee, sal nie verwerp word nie, maar sal **Onverdorwenheid** in die nuwe wêreld verkry.

13 0 My uitverkorenes, wandel in My! En Ek sal My Weë bekend maak aan hulle wat My soek, en maak dat hulle **in My Naam** sal vertrou. [Wysheid van Sirah 15:1-10]

*Openb 3:12 Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die Tempel van My Elohey maak, [1 ShemuEl 2:8] en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die **Naam** van My **Elohey** skrywe en die **naam van die Stad** van My Elohey, van die nuwe Jerusalem, wat uit die Hemele van My Elohey neerdaal, **en My nuwe Naam**. [JeshaJaH 61:3]*

*3:13 Wie 'n oor het, laat hom hoor **wat die Gees aan die gemeentes sê.***

Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!

Die Tweede Brief van Johannes

1 DIE oudste aan die **Uitverkore Vrou en aan Haar kinders** - wat ek **in Waarheid** liefhet, en nie ek alleen nie, maar ook almal wat **die Waarheid leer ken het**;

2 ter wille van die Waarheid wat **in ons** bly en by ons vir ewig sal wees -

3 Guns, Barmhartigheid, Vrede sal met julle wees van die Elohim; die VADER en van onse Meester JaHWèshua die Gesalfde, die Seun van die VADER, in **Waarheid en Liefde**.

4 EK was baie bly dat ek van U kinders gevind het **wat in die Waarheid wandel,** soos ons 'n Gebod van die VADER ontvang het.

5 En nou bid ek U, **Uitverkore Vrou**, nie asof ek U 'n nuwe Gebod skryf nie, maar een wat ons van die begin af gehad het: dat ons mekaar moet liefhê.

6 **En Sy is die Liefde, as ons wandel volgens Haar Gebooie**. Sy is die Gebod soos julle van die begin af gehoor het dat julle in Haar moet wandel. [Sirah 24:18 -20]

7 Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat getuig dat JaHWèshua die Gesalfde nie in die vlees gekom het nie. Hy is 'n verleier en 'n vals gesalfde.

8 Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar 'n volle loon ontvang.

9 Elkeen wat 'n oortreder is en **nie bly in die Leer van die Gesalfde nie, hy het Elohim nie**. Wie in die Leer van die Gesalfde bly, hy het die VADER sowel as die Seun.

10 **<u>As iemand na julle kom en hierdie Leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie.</u>**

11 Want die een wat hom groet, raak 'n deelgenoot van sy besoedelde dade.

***Johannes 19:26*** *En toe JaHWèshua Sy moeder sien en die student wat Hy liefgehad het, by haar staan, sê Hy vir Sy moeder: **Vrou, dáár is u seun**!*

*Joh 19:27 Daarop sê Hy vir die student: **Dáár is jou moeder!** En van daardie uur af het die student haar in sy huis geneem.*

# LESING 10 –19 Februarie 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

Mattheus 2

17 Toe is vervul wat deur JirmeJaH, die Profeet, gespreek is toe hy gesê het:
18 ‘n Stem word gehoor in Rama, geklaag, bitter geween; **Ragel ween oor haar kinders**; sy weier om getroos te word oor haar kinders, omdat hulle daar nie is nie. [JirmeJaH 31:15]

Genesis 29

1 TOE lig Jakob sy voete op en gaan na die Aarde van die kinders van die Ooste.

Gen 29:2 En meteens sien hy 'n **put in die veld** en **drie troppe kleinvee** wat op haar [die Aarde] lê, want uit dié put het hulle die vee laat drink; en daar was 'n **groot klip op die opening van die put**.

Gen 29:3 En as al die troppe daar bymekaarkom, rol hulle die klip weg van die opening van die put en laat die vee drink; daarna sit hulle die klip weer op die opening van die put op haar plek.

Gen 29:4 Toe sê Jakob vir hulle: My broers, waar is julle vandaan? En hulle antwoord: Ons kom van Haran.

Gen 29:5 En hy vra hulle: Ken julle vir Laban, die seun van Nahor? En hulle antwoord: Ons ken hom.

Gen 29:6 Verder sê hy vir hulle: Gaan dit goed met hom? En hulle antwoord: **Dit gaan goed; en daar kom sy dogter Ragel aan met die vee**.

Gen 29:7 En hy sê: Kyk, die dag is nog lank; dit is nie tyd om die vee bymekaar te maak nie. Laat die vee drink, en gaan heen, laat hulle wei.

Gen 29:8 Toe antwoord hulle: **Ons kan nie voordat al die troppe bymekaar is nie; dan rol hulle die klip weg van die opening van die put, en ons laat die vee drink**.

Gen 29:9 Terwyl hy nog met hulle praat, kom **Ragel** met die kleinvee van haar vader aan, want sy het hulle opgepas.

Gen 29:10 Toe Jakob Ragel sien, die dogter van Laban, sy moeder se broer, en die vee van Laban, sy moeder se broer, **loop Jakob nader en rol die klip weg van die opening van die put, en hy laat die vee drink van Laban, sy moeder se broer**.

***Opregte 30:6*** *En hy het aan hulle gevra: Ken julle vir Laban, die seun van Nahor? En hulle het geantwoord: Ons ken hom, en kyk,* ***Ragel, sy dogter, is op pad om haar vader se kuddes te kom voer****.*

*7 Terwyl hy met hulle gepraat het, het Ragel, die dogter van Laban, aangekom om haar vader se kuddes te voer,* ***want sy was ‘n herderin****.*

**[‘n Ode deur die Seun oor Sy Moeder]**

Ode van Salomo 35

1 DIE **Dou van JaHWeH** het My oorskadu in rus, en HY het die **Wolkkolom van Vrede** bo My Hoof gestel
2 wat My voortdurend behoed het, en My Verlossing geword het.
3 Alle dinge is geskud en in beroering gebring, en rook en oordeel het van Hulle uitgegaan.
4 Ek was rustig in die Krygsmag van JaHWeH, en HY was vir My meer as Dou en meer as ‘n fondament.
5 **Ek is soos ‘n Kind deur Sy Moeder gedra, en Sy het vir My die Dou van JaHWeH as melk gegee**;
6 Ek het grootgeword volgens Haar gawe, en Ek het gerus in HAAR Suiwerheid;
7 Ek het My hande uitgebrei in die opvaart van My Siel, en het opreg gestaan teenoor die Hoogste El, en is deur HOM verlos.
Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!

***2Esra 6:28** Maar die Geloof sal bloei, en verdorwenheid oorwin wees, en die **Waarheid, Sy wat so lank sonder vrug was, sal ge-openbaar word**. [JeHôWganan 14:26]*

***2Esra 7:26** Kyk, die tyd sal kom dat die tekens waarvan Ek jou vertel het sal gebeur; **die Bruid sal verskyn**, en Sy sal **openlik vertoon** word, Sy wat nou vir die wêreld verborge is. [Psalm 98:2; Odes van Salomo 23:18; 30:6; 41:8; Hooglied van Salomo 3:11; Job 28:20; Boekrol van Henog 46:3; JôWEl 2:16; JeshaJaH 40:5; 52:10; 66:14; DaniEl 13:32; 1 Petrus 1:5; Judit 10:7; Openbaring 11:19]*

2Esra 2

1 SO spreek JaHWeH: Ek het hierdie volk uit gevangeskap gebring en aan hulle My Wette gegee deur My diensknegte die profete; na wie hulle nie wou luister nie, **maar My Raad verag het**. [2 Ezra 1:7]

2 Die **Moeder** wat hulle gebaar het, het aan hulle gesê: **Gaan weg, julle kinders; want Ek is 'n Weduwee en verlate**. [Profesie van Barug 4:12]

3 Ek het julle met Vreugde grootgemaak; maar met droefheid en hartseer het Ek julle verloor: want julle het voor die Aangesig van JaHWeH julle Elohey oortree en gedoen wat besoedel is voor HOM. [JeshaJaH 54:6]

4 Maar wat sal Ek nou met julle doen? **Ek is 'n Weduwee en verlate**; gaan heen, o My kinders, en vra Barmhartigheid van JaHWeH.

5 Wat My betref, **o VADER**, Ek roep na U **as 'n getuie**, **as die Moeder van hierdie kinders** wat nie U Verbond wil hou nie.

6 Dat U hulle in skande sal bring omdat hulle hul Moeder verag het, sodat daar **geen saadlyn vir hulle sal wees nie.** [Spreuke van Salomo 1:8; Wysheid van Sirah 15:2]

7 Laat hulle tussen die nasies verstrooi word, laat hulle name van die Adamah [die adamiet se Aarde] verwyder word; **want hulle het U Verbond verbreek**.

8 Wee jou, Assur, jy wat die ongeregtigheid in jou versteek! O jou besoedelde volk, onthou wat Ek aan **Sodom en Gomorra** gedoen het; [Génesis 19:24,25]

9 Wie se Aarde in piksooie en ashope lê; net so sal Ek aan hulle doen wat nie na My luister nie, spreek JaHWeH die Almagtige.

10 SO sê JaHWeH aan Ezra: Sê aan **My volk** dat Ek aan hulle sal gee die **Koninkryk van Jerusalem** wat Ek aan JisraEl (*eintlik Juda*) sou gegee het.

11 Die Glansrykheid sal Ek ook vir Myself neem en aan hulle die **Ewige Takskuiling** gee wat Ek vir hulle voorberei het.

12 Die **Boom van die Lewe** sal vir hulle wees tot 'n welriekende salf; hulle sal nie arbei of vermoeid raak nie. [Exodus 30:25; Wysheid van Sirah 24:15]

13 Gaan heen en jy sal ontvang; bid vir jou, dat die dae verkort mag word; die Koninkryk is reeds vir jou voorberei; ja, waak!

14 Neem die Hemele en Aarde as getuies; want die besoedelde het Ek verbreek en die suiwere het Ek geskape (*herskape of formeer*) want dit is sowaar as Ek leef spreek JaHWeH.

*15 **Moeder, omhels U kinders, en maak hulle groot met Blydskap, soos 'n Duif**, vestig hulle voete stewig soos 'n pilaar; **want Ek het U verkies**, spreek JaHWeH. [Hooglied 5:2]*

16 En die **dooies sal Ek weer opwek uit hulle plekke en hulle uit hulle grafte bring**; want Ek het My Naam aan JisraEl bekend gemaak.

17 Moenie bevrees wees nie, **Moeder van die kinders, want Ek het U uitverkies**, spreek JaHWeH.

18 Ek sal My diensknegte, JeshaJaHûW en JirmeJaHûW, as Hulp stuur, volgens My Raad het Ek vir julle **twaalf bome** met 'n verskeidenheid vrugte gewy en voorberei. [Boekrol van Henog 25:2; JeségiEl 47:12]

19 En net **soveel Fonteine wat vloei met melk en heuning,** en **sewe magtige berge** waarop daar rose en lelies groei, waarmee Ek U kinders met Blydskap sal vervul.

20 Spreek regverdig vir die **Weduwee**, doen Reg aan die **wese**, gee aan die **armes**, beskerm die wat **verlate** is, klee die wat **naak** is.

21 Genees die wat **verwond** en **krank** is, **spot nie** met die verlamde man nie, verdedig die **verminkte**, en laat die **blinde** man kom voor die Aangesig van My Glansrykheid.

22 **Versorg** die oue en die jonge tussen jou mure.

23 Waar jy ook al die dooie mag vind, neem hulle en begrawe hulle, en Ek sal jou die eerste plek in My Opstanding gee.

24 **Wees stil en wag, o My volk, want julle rus sal kom**.

25 **Voed U kinders op, o goeie Oppasster; versterk hulle voete.**

26 En wat betref die diensknegte wat Ek aan U gegee het, nie een van hulle sal omkom nie; want Ek sal hulle uit U getal eis.

27 Moenie bekommerd wees nie; want wanneer die dag van angs en nood aanbreek, sal ander ween en bedroef wees, **maar U sal vrolik wees en oorvloed hê.**

28 Die nasies sal U beny, maar hulle sal niks teen U kan doen nie, spreek Elohim.

29 My Hande sal U bedek, **sodat U kinders nie die Doderyk sal sien nie.**

30 **Wees vrolik, jy, o Moeder met U kinders; want Ek sal julle verlos, sê JaHWeH**.

31 Onthou U kinders wat slaap, want Ek sal hulle uit die **geheime plekke van die Aarde** bring en

Barmhartigheid aan hulle betoon: want Ek is barmhartig, sê JaHWeH die Almagtige. [Hebreërs 2:10]
32 Omhels U kinders totdat Ek kom en betoon Barmhartigheid aan hulle: **want My Fonteine loop oor**, en **My Barmhartigheid** sal nie ontbreek nie.
33 Ek Ezra, het 'n bevel van Elohim ontvang op die berg Horeb, dat ek na JisraEl (*eintlik Juda*) moes gaan; maar toe ek by hulle kom, het hulle my verwerp en die **Gebod van JaHWeH verag**.
34 En daarom sê ek aan julle, o julle nasies, wat hoor en verstaan, **soek na julle Herder**, Hy sal aan julle ewige rus gee; want Hy is naby wat aan die einde van die wêreld sal kom.
35 Wees gereed vir die beloning van die Koninkryk, want die **ewige Lig sal vir altyd op julle skyn**. [JeHôWganan 1:9]
36 Vlug uit die skaduwee van hierdie wêreld, ontvang die **Vreugde** van jou Glansrykheid: **ek betuig openlik my Verlosser.**
37 Ontvang die gawe wat aan julle gegee word en verheug julle, gee dank aan Hom wat julle na die hemelse Koninkryk geroep het.
38 Staan op, en **kyk die getal van hulle wat verseël is vir die feesmaal van JaHWeH**; [Openbaring 7:4-8 en 14:1]
39 Die wat oorgegaan het uit die skaduwee van die wêreld, wat **sierlike klere** van JaHWeH ontvang het.
40 **Neem U getal, o Sion, en maak die getal op uit U wat in wit geklee is**, die wat die **Wet van JaHWeH** onderhou het. [Openbaring 3:18; 7:4]
41 **Die getal van U kinders na wie U verlang het, is vol**: smeek dat die Koninkryk van JaHWeH sal kom, sodat U volk, wat van die begin af geroep is, Apartgestel mag word. [Boekrol van Henog 47:4]
42 EK, Ezra, het **op die Berg van Sion** 'n groot volk gesien, wat ek nie kon tel nie, en hulle het almal Elohim **geloof met liedere**. [Openbaring 14:3]

*Openb 14:1 EN ek het gesien, en kyk, **die Lam staan op die Berg van Sion,** en saam met Hom **honderd-vier-en-veertigduisend** met Sy Naam en die Naam van Sy VADER op hulle voorhoofde geskrywe. [Odes van Salomo 23:21; 42:20; JeshaJaH 11:12; 2 Ezra 2:38]*
*3 En hulle het 'n **nuwe lied gesing** voor die Troon en voor die vier lewende Wesens en die oudstes; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd-vier-en-veertigduisend wat van die Aarde vrygekoop is. [2 Ezra 2:42]*

43 En in hulle midde was daar **'n Jong Man van hoë gestalte, groter as al die ander, en op elkeen se hoof het Hy krone geplaas,** en Hy was meer verglans; sodat ek my grootliks verwonder het. [Wysheid 6:21; Boekrol van Henog 45:4; Openbaring 22:4 - 5]
44 Daarom het ek aan die Boodskapper gevra en gesê: meester, wat is hierdie?
45 Hy het my geantwoord en gesê: Hierdie is hulle wat die **sterflike klere uitgetrek het en die onsterflike aangetrek het** en die Naam van JaHWeH bely het: nou word hulle gekroon en ontvang palmtakke. [Openbaring 6:11]
46 En ek het aan die Boodskapper gesê: **Wie is die Jong Man** wat hulle kroon en palmtakke in die hand gee?
47 Toe antwoord hy my en sê: **Hy is die Seun van die Elohim, vir wie hulle op die Aarde bely het**. Toe het ek hulle grootliks begin prys, diegene wat so dapper gestaan het vir JaHWeH se Naam. [Openbaring 6:9]
48 Toe sê die Boodskapper aan my: Gaan en verkondig aan My volk hoedanige en watter groot wonderwerke

# LESING 12 –22 Februarie 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

Die Boekrol van Jehoshua Ben Sirag 24

1 DIE **Wysheid prys Haarself** en te midde van Haar volk word Sy geëer.

2 In die vergadering van die Hoogste El open **Sy Haar mond** en voor SY leërskare word Sy verhoog. [Job 37:10; JeshaJaH 48:3]

3 Ek, **uit die Mond** van die Hoogste El het Ek voortgekom, en **soos die Wolkkolom** het Ek die Aarde bedek. [Odes van Salomo 30:5; Wysheid van Salomo 7:25]

***Wysheid van Salomo** 7:24 Want die Wysheid is beweegliker as alles wat beweeg, en Sy deurdring en deurtrek alles vanweë Haar suiwerheid.*

*Wis 7:25 **Sy is die asemtog van Krag van die Elohim** en die **uitstraling van suiwer Glansrykheid van die Almagtige;** daarom kan niks wat besoedel is aan Haar raak nie.*

4 In die hoogtes het Ek alleen gewoon, en **My Troon was in die Wolkkolom.** [Boekrol van Henog 9:4; JeségiEl 1:4]]

5 Die **hemelgewelf** het Ek alleen omspan en op die bodem van die **Afgrond** het Ek gewandel. [JeshaJaH 44:24]

6 Oor die branders van die see en oor die hele Aarde en **oor elke volk en nasie het Ek regeer**.

7 In al hierdie dinge het Ek 'n **rusplek** gesoek [en gesê:] In wie se erfenis sal Ek woon? [Boekrol van Henog 42; 48:1]

*Gen 1:1 **IN die begin het Elohim** die Hemele en die Aarde geskape. [JeshaJaH 66:1; 2 Ezra 6:38; Psalm 85:11]*

*2 En die Aarde, **sy** het verwoes en vormloos geword, en Duisternis was op die aangesig van die Afgrond, en die **Gees van Elohim (SY)** het gesweef oor die aangesig van die waters. [JeshaJaH 45:18; Prediker 3:11]*

*3 En Elohim het gesê: **Laat daar Lig wees**! En daar was Lig.*

8 Toe het HY, <u>**die Formeerder van die heelal**</u>, My beveel, en My Formeerder het My woonplek vasgestel; en HY het gesê: **Onder Jakob moet Jy woon en in JisraEl moet Jy [jou] Erfdeel besit**. [Boekrol van Henog 39:5; Profesie van Barug 3:38]

9 Van **ewigheid, van die begin af** het HY My geskape, en tot in ewigheid sal Ek nie ophou nie. [Exodus 40:34-40]

10 In die **Tabernakel van Apartheid** het Ek voor HOM gedien en so was Ek **in Sion** gevestig. *[Exodus 25:8 ; 25:22; Exodus 40:34; Deuteronómium 30:12; Wysheid van Sirah 19:20; JeshaJaH 63:11]*

11 In die **geliefde Stad** het Ek, wat My betref, gerus, en **in Jerusalem** was My heerskappy.

12 En Ek het wortel geskiet **onder 'n geëerde volk**, onder die deel van JaHWeH [en] van Sy erfenis.

13 Soos 'n seder op die Libanon is Ek verhef, en soos 'n Olyfboom op die gebergte van Hermon. [Spreuke van Salomo 3:18; Boekrol van Henog 28:1-3]

14 Soos 'n palmboom in Engedi is Ek verhef, en soos roosplante in Jerigo; soos 'n groen Olyfboom in die Laagland, ja, Ek is verhef soos 'n plataan by die waters. [Exodus 30:22-38]

15 Soos kaneel en geurige kalmoes en soos uitgesoekte mirre het Ek 'n geur gegee; soos galbanum en naeltjies en storaksgom en **soos wierook [was Ek] in die Tabernakel**. *[Exodus 30:24-34; Levítikus 8:10; Psalm 45:8; 2 Ezra 2:12]*

16 Ek, soos 'n terpentynboom het Ek My takke uitgestuur, en My takke was takke van **Eer en Guns**.

17 Ek was soos 'n Wingerdstok wat Guns laat uitspruit, en My blomme is die vrug van Glansrykheid en glorie. [Psalm 80:8; 128:3]

## 18 <u>Ek is die Moeder</u> van regverdige Liefde, en Vrees, en Kennis, en die <u>Belofte van Apartheid</u>: Daarom is Ek, wat vir ewig bestaan, gegee aan <u>al My kinders wat na Hom genoem is</u>.

19 Kom na My toe, julle wat My begeer, en versadig julle met **My opbrengs**.

20 Want My gedagtenis is soeter as **heuning**, en My Erfenis as 'n **heuningkoek**.

21 Hulle wat My eet, sal nog honger wees, en hulle wat My drink, sal nog dors hê.

22 Hy wat na My luister, sal nie beskaamd staan nie, en werke wat deur My [verrig word], sal nie vernietig word nie.

**23 Al hierdie dinge is die Boek van die Verbond van Elohim, die Hoogste El, die Wet wat Moshè Ons beveel het as 'n Erfdeel vir die vergadering van Jakob.** [Exodus 24:7]

Genesis 9

*11 En **Ek rig My Verbond met julle op**, dat alle vlees nie weer deur die waters van 'n vloed uitgeroei sal word nie, en dat daar geen vloed meer sal wees om die Aarde te verwoes nie. [Psalm 104:9]*

*12 En Elohim het gesê: Dit is die **Teken van die Verbond** wat Ek sluit tussen My en julle en elke lewende siel wat by julle is, vir ewige geslagte:*

***13 My boog gee Ek in die Wolkkolom; sy sal 'n Teken wees van die Verbond tussen My en die Aarde.***

*14 As Ek dan die Wolkkolom oor die Aarde bring en **hierdie boog verskyn in die Wolkkolom**,*

*16 As die boog dan in die Wolkkolom staan, sal Ek haar aansien om gedagtig te wees aan **die ewige Verbond tussen Elohim en elke lewende siel in alle vlees wat op die Aarde is.***

# LESING 13 –23 Februarie 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

***Wysheid 9:18*** *Só word die paaie van die adamiete op Aarde reggemaak, en leer hulle wat U behaag,* ***en word hulle gered deur die <u>Wysheid</u>.***

Wysheid van Salomo 10

1 **SY** het die eersgeskape vader (***Adam***) van die wêreld beskerm toe hy die enigste skepsel was, en **Sy** het hom uitgelei uit sy val *[Génesis 3:23; Boekrol van die Opregte 1:12]*
2 en hom die **mag gegee** om oor alles te **heers**. [Génesis 1:28]
3 Maar die wetsverbreker het **Haar in sy toorn verlaat,** en hy het te gronde gegaan deur die woede wat sy broer gedood het. [Génesis 4:8]
4 Vanweë hom is die Aarde oorstroom, maar **deur die Wysheid gered**, wat die regverdige geloods het op nietige hout. [Boekrol van Henog 67:2]
15 **'n Apartgestelde volk en 'n suiwer saadlyn het <u>Sy</u> verlos uit 'n nasie van verdrukkers.** [Psalm 77:20]
16 Sy het ingegaan in die siel van JaHWeH se dienskneg (***Moses***) en aan skrikwekkende konings teenstand gebied deur wonders en tekens.
17 Sy het die apartes die beloning gegee vir hulle inspanning en hulle gelei op 'n wonderlike weg; **bedags was Sy vir hulle 'n beskerming gewees (***Wolkkolom***) en snags 'n lig soos van Sterre**.

Exodus 23

20 Kyk, **Ek** stuur 'n **Boodskapper** voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat **Ek** gereedgemaak het. [Exodus 32:34; 33:2; JeshaJaH 37:36; JeségiEl 1:28; 43:6]
21 Neem jou in ag vir **Hom** en **luister na Sy Stem;** wees nie opstandig teen **Hom** nie; want Hy sal julle oortreding nie verskoon nie, **want My Naam is in Hom.** [2 Ezra 1:4, 5; 10:27]

***Johannes 5:43*** *Ek (**JaHWe-shua**) het gekom in die Naam van My VADER (**JaHWeH**), en julle neem My nie aan nie. As 'n ander een in sy eie naam (**Jesus**) kom, hóm sal julle aanneem.*

22 Maar as jy terdeë na **Sy Stem** luister en alles doen wat **Ek** sal sê, sal **Ek** die vyand van jou vyande en die teëstander van jou teëstanders wees.
23 Want **My Boodskapper** sal voor jou uit gaan en jou bring na die Amoriete en Hetiete en Feresiete en Kanaäniete, Hewiete en Jebusiete; en **Ek** sal hulle vernietig.
24 Jy mag jou voor hulle gode nie neerbuig en hulle nie dien nie, ook mag jy nie doen na hulle werke nie; maar jy moet hulle heeltemal omvêrwerp en hulle torings heeltemal afbreek.
25 En julle moet **JaHWeH julle Elohey** dien; dan sal **Hy** jou brood en water seën, en **Ek** sal siektes uit jou midde verwyder. *[Exodus 15:26; JeshaJaH 3:1; 57:18, 19]*

Exodus 20

1 TOE het **die Elohim** al hierdie woorde gespreek en gesê:
Exo 20:2 **Ek** is **JaHWeH jou Elohey** wat jou uit die Aarde van Egipte, uit die slawehuis, uitgelei het. [2 Ezra 7:88-108]
Exo 20:3 Jy mag geen gode van andere voor **My** Aangesig hê nie,
Exo 20:4 jy mag vir jou geen gesnede afbeelding of enige beliggaming maak van wat bo in die Hemele is, of van wat in die Aarde is, of van wat in die waters onder die Aarde is nie,
Exo 20:5 jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want **Ek**, JaHWeH jou Elohey, is 'n jaloerse El wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde [geslag] van die wat My haat.
Exo 20:6 En bewys Barmhartigheid aan duisende van die wat **My** liefhet en **My** Gebooie onderhou.
Exo 20:7 Jy mag die **Naam van JaHWeH** jou Elohey nie verydel nie, want JaHWeH sal die een wat **Sy Naam** verydel, nie ongestraf laat bly nie.
Exo 20:8 Gedenk die Sabbatdag, deur dit apart te stel,
Exo 20:9 ses dae moet jy arbei en al jou werk doen;
Exo 20:10 maar die sewende dag is die Sabbat van **JaHWeH jou Elohey**; [dan] mag jy géén werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, [of] jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of die besoeker wat in jou poorte is nie
Exo 20:11 want in ses dae het JaHWeH die Hemele en die Aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het **HY** gerus. Daarom het JaHWeH die Sabbatdag geseën deur dit apart te verklaar.

# LESING 14 –24 Februarie 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

***Exodus 25:1*** *TOE het* ***JaHWeH (Ruag: MOEDER WYSHEID)*** *met Moshè gespreek en gesê:*

***Exodus 25:22*** *En daar sal* ***Ek*** *met jou saamkom, en van die Versoendeksel af, tussen die twee Gérubs uit wat op die Ark van die Getuienis is, sal* ***Ek*** *jou alles sê wat* ***Ek*** *jou vir die kinders van JisraEl sal beveel. [Exodus 40:34; Wysheid van Sirah 24:10]*

***Exodus 40:34*** *Toe het die* ***Wolkkolom*** *die Tent van Samekoms oordek, en die* ***Glansrykheid van JaHWeH (MOEDER WYSHEID) het die Tabernakel gevul,*** *[Exodus 25:22; Wysheid van Sirah 24:10]*

*35 sodat Moshè nie in die Tent van Samekoms kon ingaan nie, omdat die* ***Wolkkolom*** *daarop gerus en die Glansrykheid van JaHWeH die Tabernakel gevul het.*

*38 Want die* ***Wolkkolom*** *van JaHWeH was* ***bedags*** *op die Tabernakel, en* ***vuur was snags daarin****, voor die oë van die* ***hele huis van JisraEl****, op al hulle togte.*

## IsraEl by Sinai - Exodus 19

1 IN die **derde maand** ná die uittog van die kinders van JisraEl uit die Aarde van Egipte, op dieselfde dag, het hulle in die wildernis Sinai gekom – [Boekrol van die Opregte 82:6]

2 hulle het van Ráfidim af opgebreek en in die wildernis Sinai gekom en in die wildernis laer opgeslaan. **En JisraEl het daar teenoor die berg laer opgeslaan.**

3 Maar Moshè het opgeklim na die Elohim toe, en JaHWeH **(*MOEDER WYSHEID*)** het hom van die berg af **toegeroep** en gesê: So moet jy aan die huis van Jakob sê en aan die kinders van JisraEl verkondig:

4 Julle het self gesien wat **Ek** aan die Egiptenaars gedoen het, en dat **Ek** julle op **Arendsvlerke** gedra en julle na **My** toe gebring het.

5 As julle dan nou terdeë na **My Stem** luister en **My** Verbond hou sal julle **My** persoonlike eiendom uit al die volke wees, want die hele Aarde is **Myne**.

6 En julle sal vir **My** 'n koninkryk van priesters en 'n aparte nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van JisraEl moet meedeel.

7 En Moshè het gekom en die oudstes van die volk laat roep en hulle al hierdie woorde voorgehou wat JaHWeH hom beveel het.

8 Toe antwoord die hele volk eenparig en sê: **Alles wat JaHWeH spreek, sal ons doen**. En Moshè het die woorde van die volk aan JaHWeH **(*MOEDER WYSHEID*)** oorgebring.

9 En JaHWeH **(*MOEDER WYSHEID*)** het met Moshè gespreek: Kyk, Ek sal in 'n **dik Wolkkolom** na jou toe kom, dat die volk kan hoor as **Ek** met jou spreek, en hulle ook **vir altyd aan jóu kan glo**. Want Moshè het die woorde van die volk aan JaHWeH meegedeel.

10 Verder het JaHWeH **(*MOEDER WYSHEID*)** aan Moshè gesê: Gaan na die volk en sonder hulle af, **vandag en môre**, **en laat hulle hul klere was**

11 en hulle **gereed hou teen die derde dag**. Want **op die derde dag sal JaHWeH (*VADER*) voor die oë van die hele volk op die berg Sinai afdaal.**

12 Ook moet jy vir die volk **'n grens** rondom aanwys en sê: Pas op dat julle nie op die berg klim of sy voet aanraak nie. Elkeen wat die berg aanraak, moet sekerlik gedood word.

14 Toe het Moshè van die berg af na die volk gegaan en die volk in gereedheid gebring, en **hulle het hul klere gewas.**

15 En hy het aan die volk gesê: **Hou julle klaar teen die derde dag; moenie naby die vroue kom nie**. [Openbaring 14:4]

***Openbaring 14:4*** *Dit is hulle wat hulself met* ***vroue nie besoedel het nie****, want hulle is maagdelik skoongewas; [Exodus 19:15] dit* ***is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan;*** *dit is hulle wat gekoop is uit die adamiete as* ***eerstelinge*** *vir Elohim en die Lam. [Levítikus 21:14]*

16 En op die derde dag toe dit môre word, was daar donderslae en blitse en 'n swaar **Wolkkolom op die berg** en die geluid van 'n baie sterk ramshoring, sodat die hele volk wat in die laer was, gebeef het.

17 Daarop het Moshè die volk uit die laer gelei **om die Elohim te ontmoet**, en hulle het gaan staan by die **voet** van die berg.

18 En die hele berg Sinai het gerook, omdat die **Aangesig van JaHWeH (*VADER*) in vuur daarop neergedaal het**. En **Sy rook** het opgetrek soos die rook van 'n oond, en die hele berg het vreeslik gebewe.

19 Toe die geluid van die ramshoring sterker en sterker word, het Moshè gespreek, en **Elohim** het hom telkens hardop geantwoord.

20 Terwyl **JaHWeH (*VADER*)** op die berg Sinai neerdaal, op die top van die berg, het **JaHWeH (*MOEDER WYSHEID*)** Moshè na die top van die berg geroep, en Moshè het opgeklim.

21 En JaHWeH **(*MOEDER WYSHEID*)** het vir Moshè gesê: Klim af, waarsku die volk dat hulle nie na JaHWeH **(*VADER*)** toe deurbreek om te sien en baie van hulle dan val nie.

22 En ook die priesters wat naby JaHWeH **(*VADER*)** kom, moet hulleself apart hou, sodat JaHWeH **(*VADER*)** nie teen hulle losbreek nie.

23 Toe het Moshè JaHWeH **(*MOEDER WYSHEID*)** geantwoord: Die volk kan nie op die berg Sinai klim nie, want **U** het ons self gewaarsku en gesê: Baken die berg af en stel dit apart.

24 Daarop sê JaHWeH **(*MOEDER WYSHEID*)** vir hom: Gaan heen, klim af. Dan moet jy, en Aäron saam met jou, opklim; maar die priesters en die volk mag nie deurbreek om na JaHWeH **(*VADER*)** toe op te klim nie, sodat **Hy** nie teen hulle losbreek nie.

25 En Moshè het na die volk toe afgeklim en hulle dit aangesê.

LESING 15 –26 Februarie 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

1 Samuel 25

1 **EN ShemuEl het gesterwe**, en die hele JisraEl het saamgekom en oor hom gerouklaag en hom begrawe in sy huis in Rama. En **Dawid** het hom klaargemaak en afgetrek na die **wildernis Paran**.

2 En daar was **'n man in Maon** wat sy boerdery in Karmel gehad het, en die man was baie vermoënd: hy het drieduisend skape en duisend bokke gehad, en hy was **besig om sy skape te skeer** in Karmel.

3 En die naam van die man was **Nabal** (beteken **DWAAS**), en die naam van sy vrou **Abígail** (beteken **MY VADER SE VREUGDE)**; en die vrou het **suiwer insig** gehad en was **lig van gestalte**; maar die man was **grof en boosaardig, en hy was 'n Kalebiet.**

4 Toe Dawid in die wildernis hoor dat Nabal sy skape skeer,

5 stuur Dawid **tien jongmanne**, en Dawid sê aan die jongmanne: Trek op na Karmel en gaan by Nabal in en vra hom in my naam na die welstand;

6 en so moet julle aan die welvarende sê: Mag dit goed gaan met u sowel as met u huis, en goed gaan met alles wat u besit.

7 En nou, ek het gehoor dat u **skeerders** het; nou ja, u wagters was met ons saam; ons het hulle nie beledig nie, en hulle het ook niks vermis al die dae wat hulle in Karmel was nie.

8 Vra u dienaars, en hulle sal u dit te kenne gee; laat dus die jongmanne guns vind in u oë, want ons het op 'n vrolike dag gekom; gee tog wat u byderhand het aan u dienaars en aan u seun Dawid.

9 Toe het die jongmanne van Dawid gekom en met Nabal in naam van Dawid volgens al hierdie woorde gespreek en verder afgewag.

10 Maar Nabal het die dienaars van Dawid geantwoord en gesê: **Wie is Dawid? En wie is die seun van Isai? Daar is vandag baie dienaars wat hulle losskeur, elkeen van sy meester af**.

11 Sou ek dan **my brood** en **my water** en **my slagdiere** wat ek vir **my skeerders** geslag het, neem en aan manne gee van wie ek nie weet waar hulle vandaan kom nie?

12 Daarop het die jongmanne van Dawid omgedraai op hulle pad, hulle het teruggekeer en aangekom en hom berig gebring volgens al hierdie woorde.

13 Toe sê Dawid aan sy manne: **Gord julle elkeen sy swaard aan**! Hulle gord toe elkeen sy swaard aan - Dawid het ook sy swaard aangegord - en hulle trek agter Dawid op, omtrent vierhonderd man, terwyl tweehonderd by die pakgoed bly.

14 Maar aan **Abígail**, die vrou van Nabal, het een van die jongmanne berig gebring en gesê: Kyk, Dawid het boodskappers uit die wildernis gestuur om ons meester te begroet, maar hy het teen hulle uitgevaar.

15 Tog **was die manne vir ons baie goed**; ook is ons nie beledig nie, en ons het niks vermis al die dae wat ons saam met hulle rondgetrek het toe ons in die veld was nie.

16 **Hulle was 'n muur om ons**, snags sowel as bedags, al die dae wat ons die skape by hulle opgepas het.

17 En nou moet u self ondersoek en kyk wat u moet doen; want die teëspoed is vas besluit oor ons meester en oor sy hele huis; maar hy self is so 'n **seun van Belijaal** (**boosheid**) dat jy nie met hom kan praat nie.

18 Toe het Abígail gou tweehonderd **brode** geneem en twee sakke **wyn** en vyf toebereide **skape** en vyf mate **gebraaide koring** en honderd **rosynekoeke** en tweehonderd **vyekoeke** en dit op **esels** gesit.

19 En sy het aan haar jongmanne gesê: Trek voor my aangesig uit; kyk, ek kom dadelik agter julle aan. Maar aan haar man Nabal het sy niks te kenne gegee nie.

20 **En terwyl sy op die esel ry** en in 'n kloof van die berg afdaal, kom Dawid en sy manne meteens af haar tegemoet, sodat sy hulle teëgekom het.

21 Dawid het al gedink: Net verniet het ek alles wat aan hierdie man behoort, in die wildernis beskerm, sodat daar nooit iets van sy goed vermis is nie; en **hy vergeld my boos vir goed**.

22 Mag Elohim so aan die vyande van Dawid doen en so daaraan toedoen, as ek van almal wat aan hom behoort, tot die môre nie een laat oorbly wat urineer teen die muur nie.

23 Toe Abígail Dawid sien, het sy gou van die esel afgeklim en voor Dawid **op haar aangesig neergeval en na die Aarde toe gebuig**.

24 En sy het voor sy voete neergeval en gesê: **Op my, my meester, rus die skuld**, maar laat u dienares tog voor u ore mag spreek, en luister na die woorde van u dienares.

25 My meester moet hom tog nie steur aan daardie man van Belijaal, aan Nabal nie; want soos sy naam is, so is hy; **sy naam beteken dwaas**, en dwaasheid is by hom. Maar wat my betref, u dienares het my meester se jongmanne wat u gestuur het, nie gesien nie.

26 En nou, my meester, so waar as JaHWeH leef en u siel leef, dit is JaHWeH wat u teruggehou het om in bloedskuld te raak en u met eie hand te help; mag dan nou u vyande en die wat boosheid soek teen my meester, soos Nabal word.

27 En laat nou **hierdie geskenk** wat u dienares vir my meester gebring het, aan die jongmanne gegee word wat op my meester se voetspore rondtrek.

28 Vergeef tog die oortreding van u dienares, want **JaHWeH sal sekerlik vir my meester 'n bestendige huis stig, omdat my meester die oorloë van JaHWeH voer en in u dae in u geen besoedeling gevind is nie.**

29 As 'n adamiet opstaan om u te agtervolg en u siel te soek, mag die siel van my meester dan saamgebind wees in die bondeltjie van die lewendes by JaHWeH jou Elohey; maar mag Hy die siel van u vyande uit die

holte van die slinger wegslinger.
30 En as JaHWeH aan my meester sal doen volgens al die goeie wat Hy aan u beloof het, en u aanstel as vors oor JisraEl,
31 dan sal daar vir u geen struikelblok en vir my meester geen gewetenswroeging wees dat u sonder oorsaak bloed vergiet het en my meester homself hulp verskaf het nie; en as JaHWeH goed sal doen aan my meester, **moet u aan u dienares dink**.
32 Toe sê Dawid vir Abígail: Geseënd is JaHWeH, die Elohey van JisraEl, wat jou vandag my tegemoet gestuur het!
33 En geseënd jou **verstandigheid** en geseënd jy self wat my vandag teëgehou het om in bloedskuld te raak en my met eie hand te help.
34 Maar so waar as JaHWeH, die Elohey van JisraEl, leef wat my verhinder het om aan jou kwaad te doen - **as jy my nie gou tegemoetgekom het nie**, voorwaar, daar sou van Nabal niemand wat urineer teen die muur, tot die môrelig oorgebly het nie!
35 **En Dawid het uit haar hand aangeneem wat sy vir hom gebring het, en vir haar gesê: Gaan op in vrede na jou huis! Kyk, ek het na jou geluister en jou in guns aangeneem.**
36 Toe Abígail by Nabal kom, het hy juis 'n maaltyd in sy huis aangerig soos die maaltyd van 'n koning; en Nabal se hart was vrolik in hom, en hy was baie dronk; daarom het sy hom niks, klein of groot, meegedeel totdat dit die môre lig word nie.
37 Maar die môre vroeg toe die wyn Nabal verlaat het, deel sy vrou hom dié dinge mee. **Daarop het sy hart in sy binneste gesterwe en was hy soos 'n klip.**
38 **En ná omtrent tien dae het JaHWeH Nabal getref, sodat hy gesterf het**.
39 Toe Dawid hoor dat Nabal dood was, sê hy: Geseënd is JaHWeH wat die Regsaak in die smaad my aangedoen, teen Nabal verdedig het en Sy kneg teruggehou het van die kwaad, terwyl JaHWeH die kwaad van Nabal **op sy eie hoof laat neerkom het**. En **Dawid het by Abígail aansoek laat doen om haar vir hom as vrou te neem**.
40 Toe het die dienaars van Dawid by Abígail gekom in Karmel en met haar gespreek en gesê: Dawid stuur ons na u om u vir hom as vrou te neem.
41 En sy het opgestaan en met haar aangesig na die Aarde gebuig en gesê: **Hier is u dienares as slavin om die voete van my meester se dienaars te was.**
42 Abígail maak toe gou klaar, **en sy het op die esel gery met haar vyf diensmeisies wat op haar voetspoor volg**, en agter die boodskappers van Dawid aangegaan. En sy het sy vrou geword.

## LESING 16 –27 Maart 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

Die Samaritaanse vrou by die Put van Ragel

***Mattheus 2:17*** *Toe is vervul wat deur JirmeJaH, die Profeet, gespreek is toe hy gesê het:*

*18 'n Stem word gehoor in Rama, geklaag, bitter geween;* ***Ragel ween oor haar kinders****; sy weier om getroos te word oor haar kinders,* ***omdat hulle daar nie is nie.*** *[JirmeJaH 31:15]*

***Mattheus 12:42*** *Die* ***Koningin van die Suide*** *sal in die oordeel opstaan saam met hierdie saadlyn en hom veroordeel; want Sy het gekom van die eindes van die Aarde af om die Wysheid van Salomo te hoor,* ***en - meer as Salomo is hier!*** *[Psalm 72:15]*

**Aanhaling uit "JAHSHUA leer: Die pad na Eenheid deur** die Liefde.

*Dink wyslik na oor MY woorde! MY vreugde sy met julle.* ***Weereens reik EK julle die beker met die water van die lewe****. Ontvang dit simbolies en drink daaruit!* ***Weereens reik EK julle die brood as geestelike voedsel.*** *Eet daarvan en ervaar die versterking wat EK ook ontvang het toe EK die kelk op die Olyfberg aangeneem het!*

*Elkeen van julle is vry om hierdie kelk met MY te deel, is vry om met MY na volmaaktheid te stap. EK seën julle, MY geliefdes, hier en oral,* ***<u>julle wat beloof het om LIG te wees en wie ook nou alreeds is</u>****.*

*Amein.*

***Aanhalings uit Boek 1 van die Groot Johannes Evangelie vanaf Hfs 25 sowel as uit die Skrif***

**Johannes 4:***4 En Hy moes deur Samaría gaan.*

[8] Dit was nie eers aan te bevele om met die direkte roete na Galilea te reis nie, maar eerder deur Samaria wat met die hulp van die Romeine hulleself lankal reeds bevry het van die priesterdom van die Tempel (`n maklike en wenslike taak vir die Romeine wie se plan dit in elk geval was om die die grondgebied op te deel ten einde makliker daaroor te regeer).

[9] Om hierdie rede was die Samaritane die mees veragte en godslasterlike mense op aarde in die oë van die priesterdom. Aan die ander kant het die priesters van Jerusalem so `n slegte naam met die Samaritane gehad dat hulle die ergste moontlike ding beskryf het met die naam van `n tempelpriester. Wanneer `n Samaritaan vir argumentsonthalwe in `n toestand van ongeoorloofde opgewondenheid aan iemand sou sê: "Jou fariseër!" sal die beledigde die oortreder aanskryf wat dan dikwels moes betaal met `n stywe boete en jarelange gevangeskap vir sy onbesonnenheid. Natuurlik is dit voor die hand liggend dat dit nie aan te bevele was vir `n fariseër of enige ander priester om Samaria binne te gaan nie. Dit was vir My en almal wat My gevolg het, uiters nuttig, want ons was in Samaria veilig van die bose vervolging deur die Tempeliere.

*5 Hy kom toe by `n stad van Samaría wat Sígar genoem word, naby die stuk aarde* ***wat Jakob aan sy seun Josef gegee het.***

[10] Die pad het deur Sigar gekronkel, `n dorp naby die outydse klein dorpie wat **Jakob vir sy seun Josef met sy geboorte gegee het** tesame met die inwoners van die klein dorpie wat meesal bestaan het uit herders wat hy saam met Ragel ontvang het as haar bruidskat.

***Opregte 30:3-8***

*7 Terwyl hy met hulle gepraat het, het* ***Ragel****, die dogter van* ***Laban****, (<u>In Hebrew the meaning of the name Laban is: White</u>). aangekom om haar vader se kuddes te voer,* ***want sy was `n herderin****.*

***Genesis 29:1-11***

*TOE lig Jakob sy voete op en gaan na die Aarde van die kinders van die Ooste.*

*2 En meteens sien hy 'n put in die veld en* ***drie troppe*** *kleinvee wat op haar [die Aarde] lê, want uit dié put het hulle die vee laat drink;* ***en daar was 'n groot klip op die opening van die put.***

*3 En as al die troppe daar bymekaarkom, rol hulle die klip weg van die opening van die put en laat die vee drink; daarna sit hulle die klip weer op die opening van die put op haar plek.*

*4 Toe sê Jakob vir hulle: My broers, waar is julle vandaan? En hulle antwoord: Ons kom van Haran.*

*5 En hy vra hulle: Ken julle vir Laban, die seun van Nahor? En hulle antwoord: Ons ken hom.*

*6 Verder sê hy vir hulle: Gaan dit goed met hom? En hulle antwoord:* ***Dit gaan goed; en daar kom sy dogter Ragel aan met die vee****.*

*7 En hy sê: Kyk, die dag is nog lank; dit is nie tyd om die vee bymekaar te maak nie.* ***Laat die vee drink, en gaan heen, laat hulle wei.***

*8 Toe antwoord hulle:* ***Ons kan nie voordat al die troppe bymekaar is nie;*** *dan rol hulle die klip weg van die opening van die put, en ons laat die vee drink.*

*9 Terwyl hy nog met hulle praat, kom Ragel met die kleinvee van haar vader aan, want sy het hulle opgepas.*

*10 Toe Jakob Ragel sien, die dogter van Laban, sy moeder se broer, en die vee van Laban, sy moeder se broer,* ***loop Jakob nader en rol die klip weg van die opening van die put, en hy laat die vee drink van Laban, sy moeder se broer.***

*11* ***En Jakob het Ragel gesoen*** *en sy stem verhef en geween.*

**Aanhaling uit "JAHSHUA leer: Die pad na Eenheid deur** die Liefde.

Julle kyk na die steil hange wat julle oorkom het. Julle sien julle mede-klimmers vir wie julle saam met MY - simbolies gesien **- wag, want tesame wil ons die kruin, die doel, bereik.** In kameraadskap wat op LIEFDE gegrond is, **help elkeen die ander een: Een vir almal en almal vir een**. As iemand 'n bietjie agterbly,

omdat die weg op die oomblik 'n bietjies te moeilik lyk, help al die ander geestelik mee sodat hierdie steil hange oorkom kan word of miskien verbygegaan kan word.

So stroom die Liefdeskrag, **wat EK julle met die Water van die Lewe geskenk het**, van julle na al julle mede-klimmers aan julle linker- en regterkant (waar hulle ookal nou in die lewe staan), wat hulle saam met julle op die pad na die kruin bevind. Jy sien vanaf jou uitkykpunt die swarigheid wat jou mede-klimmers nog moet oorkom. Maar sien, om die kruin te bereik is daar altyd meer as een weg en die steilste, moeilikste pad mag jou wel vinniger by die doel bring, maar die spiraalvormige omweg lei ewenwel - op makliker paaie - na die huis!

Die dorpie van Sigar was nie werklik `n vooraanstaande stad van die land nie, maar baie welgestelde Samaritane het hier gewoon, sowel as baie ryk Romeine, omdat hierdie dorp pragtig geleë was en die hele streek baie gesond was.

*6* ***En die Fontein van Jakob was daar****. JaHWèshua het toe, omdat Hy moeg was van die reis, somaar by die fontein gaan sit. Dit was omtrent die sesde uur.*

[11] Volgens die huidig berekende tyd, het ons alreeds om vieruur die oggend uit Judea vertrek, flink aangestap sonder om te rus en presies om twaalfuur daar by die eertydse put van Jakob aangekom wat ongeveer veertig tree voor die klein dorpie in die rigting van Sigar was, wat toe die sesde uur was. **Hierdie put het `n baie goeie fontein gehad**, was omring met `n **randsteen** sierlik uitgekap op die ou manier en omring deur **skaduryke bome.**

[12] Aangesien dit **midsomer** was, was die dag warm en My liggaam was baie moeg na hierdie strawwe rit. Diegene wat My gevolg het vanaf Judea en vroeër van Galilea, het reeds in hul uitputting, skaduwee en `n welverdiende rus opgesoek,



gedeeltelik in die dorpie, gedeeltelik onder die skaduryke bome.

***Genesis 29:2*** *En meteens sien hy 'n put in die veld en* ***drie troppe*** *kleinvee wat op haar [die Aarde] lê, want uit dié put het hulle die vee laat drink;* ***en daar was 'n groot klip op die opening van die put.***

***Mattheus 13:33*** *'n Ander gelykenis het Hy hulle vertel: Die Koninkryk van die Hemele is soos suurdeeg* ***wat 'n Vrou neem*** *en in* ***drie mate meel*** *inwerk totdat sy heeltemal ingesuur is.*

***Genesis 18:6*** *Toe loop Abraham haastig in die tent na Sarah en sê: Maak gou,* ***knie drie mate meel,*** *die beste, en maak roosterkoeke.*
*7 Daarop loop Abraham na die beeste en vang 'n* ***jong, suiwer kalf en*** *gee dit aan die dienaar, wat dit gou klaargemaak het.*
*8 En hy neem* ***dikmelk en soetmelk*** *en die kalf wat hy klaargemaak het, en sit dit aan Hulle voor, terwyl hy self by Hulle onder die boom bly staan; en Hulle het geëet.*
*9 Toe sê Hulle vir hom:* ***Waar is Sarah, u vrou****? En hy antwoord:* ***Daar in die tent****.*
*10 En Hy sê: Ek sal sekerlik weer na jou toe kom* ***teen die tyd van lewe*** *- dan* ***sal jou vrou Sarah 'n seun hê****. En Sarah het geluister by die ingang van die tent wat agter Hom was.*

***Galasiërs 4:21*** *Julle wat onder die wet wil wees, sê vir my, luister julle nie na die wet nie?*
*22 Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye.*
*23 Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en* ***die ander een uit die vrye deur die belofte****.*
*24 Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir* ***twee verbonde:*** *een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die* ***slawerny*** *kinders baar—dit is* ***Hagar****;*
*25 want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met* ***die teenswoordige Jerusalem*** *en is met haar kinders saam in slawerny.*
*26 Maar* ***Jerusalem daarbo*** *is vry; en* ***Sy is die Moeder*** *van ons almal.*
*27 Want daar is geskrywe: Verbly jou, onvrugbare wat nie baar nie; breek uit en roep, jy wat geen barensnood het nie, want die kinders van die eensame is* ***meer as van Haar wat 'n Man het.***
*28 Maar ons, broeders,* ***is soos Isak****, kinders van die belofte;*
*29 maar soos destyds hy wat na die vlees gebore is, hom wat na die Gees was,* ***vervolg het****, so is dit nou ook.*
*30 Maar wat sê die Skrif? Werp die slavin en haar seun uit, want nooit mag die seun van die slavin saam met die seun van die vrye erwe nie.*
*31* ***Daarom, broeders, ons is nie kinders van die slavin nie, maar van die vrye.***

## LESING 18 –30 Maart 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

***Jesaja 66:7*** *Voordat Sy Weë gekry het, het Sy gebaar; voordat smart oor Haar gekom het, is* ***Sy van 'n seuntjie verlos.*** *[2 ShemuEl 1:28; 2 Konings 4:17; JeshaJaH 65:9; Openbaring 12]*

*8 Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Sal die Aarde op een enkele dag geboorte skenk?* ***Of word 'n nasie met een slag gebaar? Want Sion het Weë gekry, meteens Haar kinders gebaar.***

*9 Sou Ek naby die geboorte bring en Haar nie laat baar nie? sê JaHWeH. Of sou Ek wat laat baar, self toesluit? sê jou Elohey.*

*10 Wees bly* ***saam met Jerusalem*** *en juig in Haar, almal wat Haar liefhet! Wees vrolik saam met Haar, baie vrolik, almal wat treurig oor Haar was!*

*11 sodat julle kan suig en versadig word aan* ***die Bors van Haar vertroostinge;*** *sodat julle kan uitdrink en julle verlustig in die volheid van Haar* ***Glansrykheid****.*

*12 Want so sê JaHWeH: Kyk, die* ***Vrede*** *(Salem) ei Ek na Haar toe* ***soos 'n rivier*** *en die rykdom van die nasies soos 'n* ***oorlopende stroom;*** *en julle sal suig, julle sal op die heup gedra word en op die knieë getroetel word.*

*13* ***Soos iemand wat deur sy Moeder getroos word, so sal Ek julle troos; en julle sal in Jerusalem (in die leer van LIEFDE) getroos word.***

*14* ***En julle sal Haar sien****, en julle hart sal vrolik wees, en julle gebeente sal groei soos die jong gras; dan sal die* ***Hand van JaHWeH*** *bekend word aan Sy knegte, en Hy sal op Sy vyande grimmig wees. [2 Ezra 7:26]*

### Sigar. Die vrou by die put van Jakob

*7 Daar kom `n vrou uit Samaría om water te skep. JaHWèshua sê vir haar: Gee vir My water om te drink*

*8 want Sy leerlinge het na die stad gegaan om voedsel te koop.*

26 Terwyl ek tevergeefs wag vir `n houer vanaf die klein dorpie, kom `n Samaritaanse vrou van Sigar presies op die regte oomblik op hierdie warm dag met `n houer om `n smaaklike verfrissende lafenis van Jakob se put op te trek. Eers nadat sy met `n tou die houer gevul met water opgetrek het, sonder om My raak te sien, spreek **Ek** haar aan deur te sê: "Vrou, Ek het dors, laat Ek van jou waterbeker drink."

*9 En die Samaritaanse vrou sê vir Hom: Hoe is dit dat U wat `n man van Judea is, van my vra om te drink terwyl ek `n Samaritaanse vrou is? Want die Judeërs hou geen gemeenskap met die Samaritane nie.*

[2] **Die vrou**, wat opmerk dat Ek `n Judeër is, is heeltemal verbaas en sê na `n rukkie: "Is U nie een van hulle wat ek ontmoet het soos hulle die dorp binnegekom het en my gevra het waar hulle kan kos koop nie? Hulle was trotse Judeërs. Te oordeel aan U gewaad, moet U ook `n Judeër wees en ek is `n Samaritaanse vrou. Hoe is dit dat U my vra om water te drink? Julle, julle trotse Judeërs, wanneer julle gehelp wil word, is selfs `n Samaritaanse vrou goed genoeg vir julle, maar andersins neem julle geen meer notisie van ons nie. As dit vir my moontlik was om die hele Judea met hierdie houer water te verdrink, sal ek maar te bly gewees het dat U die verlangde water van hierdie beker drink. Maar andersins sal ek eerder sien dat U van die dors sterf eerder as om aan U selfs `n druppel water daarvan aan te bied."

*10 JaHWèshua antwoord en sê vir haar: As jy die Gawe van Elohim geken het en geweet het wie Hy is wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou Lewende Water gegee het.*

[3] **Ek** spreek: "Jy praat so omdat jy in jou waarneming blind is. As jy die gawe van Elohim gesien en herken het en Wie die Een is wat met jou praat wat gesê het: `Gee vir My water om te drink', dan sou jy Hom op jou knieë vir ware water gesmeek het, en Hy sou jou van die lewende water laat drink het. Ek sê vir jou, wie ookal glo wat Ek vir hom sê, vanuit sy liggaam sal dieselfde lewende strome van water vloei soos wat geskryf staan in **JesaJaH 44: 3 en JôWEl 3:1."**

*11 Die vrou sê vir Hom: Meester, U het nie eens `n skepding nie, en die put is diep; waarvandaan kry U dan die Lewende Water?*

[4] **Die vrou** sê: "Dit wil voorkom of U goed onderrig is in die Skrifte.

***Joël 3:1*** *3 WANT kyk, in dié dae en in dié tyd wanneer Ek die lot van JeHûWdah en Jerusalem verander,*

*Jesaja 44:3 3 Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal My Gees op jou saad giet en My seën op jou nakomelinge.*

Maar omdat ek waarneem vanuit U versoek vir water om te drink dat U sekerlik geen houer het om water te trek uit hierdie diep put nie, waar niemand dit ook met sy hand kan bereik nie, sal ek graag wil weet hoe U sal regkry om dit van elders te verkry? Of wil U my in `n bedekte manier intimideer dat U begeer om `n verhouding met my aan te knoop? Ek is nog jonk en aantreklik genoeg want ek is nog nie dertig jaar oud nie. Maar so `n voorstel deur `n Judeër aan `n mees veragte Samaritaanse vrou sal te verbasend wees, aangesien julle wilde wesens verkies bo ons Samaritaanse nasie. Daar is geen kans dat ek oorreed gaan word om dit te doen nie.

*12 U is tog nie groter as ons vader Jakob nie, wat die put aan ons gegee het en self daaruit gedrink het, en sy seuns en sy vee?*

[5] Wie en wat is U dat U dit waag om so met my te praat? Is U dalk meer as ons voorvader Jakob, wat vir ons hierdie put gegee het waarvan hy self gedrink het, so ook sy kinders en sy beeste? Wat

gee U voor om te wees? Kyk, ek is `n arm vrou, want as ek ryk was, sou ek nie self in hierdie hitte gekom het om `n verfrissende drankie te kry nie. Wil U, as `n Judeër, my nog meer ellendig maak as wat ek alreeds is? Kyk na my klere, wat kwalik my naaktheid bedek, en dit sal duidelik vir U wees dat ek arm is. Hoe kan U van my, `n arm, ellendige vrou verwag om U, `n trotse Judeër, eers te vra om toegelaat te word om u te dien in wellus? Skaam jou, as jy daaraan dink. Maar eintlik lyk U nie of U so is nie en daarom bedoel ek nie regtig wat ek so pas vir U gesê het nie, maar aangesien U eerste met my begin praat het, sê vir my in eenvoudige taal wat U bedoel met lewende water."

*13 JaHWèshua antwoord en sê vir haar: Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry;*

[6] **Ek** spreek: "Ek het alreeds vir jou vertel dat jy blind is in jou waarneming en daarom is dit te verstane dat jy nie die betekenis van My Woorde sal kan en sal wil begryp nie. Waarlik, Ek het ook vir jou vertel dat wie ookal in My Woorde glo, van sy lendene sal strome van lewende water uitvloei. Waarlik, ek is al vir dertig jaar in hierdie wêreld en het nog nooit aan `n vrou geraak nie, waarom sal Ek jou nou skielik begeer? O, jou blinde, dwase vrou, en as Ek wel `n verhouding met jou wil aanknoop, sal jy verseker weer dors word en sal moet drink om jou dors te les.

[7] (a) As Ek jou egter lewende water aangebied het, is dit voor die hand liggend dat ek jou lewensdors vir ewig wou les. Want waarlik, My Woord, My lering is sulke water.

*14 maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word `n Fontein van water wat opspring tot in die Ewige Lewe.*

[7] (b) Want wie ookal van die natuurlike water van hierdie of enige ander sal drink, sal weer dors word. Maar een wat die geestelike water (My lering) drink (aanvaar met geloof in sy hart), wat net Ek kan gee, sal nooit weer dors word nie, want die water wat Ek aan enigiemand gee, word `n innerlike fontein wat opspring tot Ewige Lewe.

[8] Sien, jy maak van My `n trotse, arrogante Judeër, maar voorwaar, Ek is met My hele siel ootmoedig en vol van die diepste nederigheid. **Daarom, wie nie so nederig wil word soos wat Ek is nie, sal nie kan deelneem in die Koninkryk van Elohim wat nou na die aarde toe neergedaal het nie**.

**[9] Terselfdertyd is die lewende water wat jou aangebied is, die alleenlike ware bewuswording van Elohim en die Ewige Lewe vanuit Elohim, wat dus opwel van Elohim, die lewe van alle lewe, in die mens as Ewige Lewe waar dit `n onuitputbare, alomteenwoordige lewe word, wat terugvloei in Elohim se lewe in en in Elohim een en dieselfde vrye aktiewe lewe voortbring. Waarlik, dit is die water wat ek jou aanbied. Hoe kon jy my so misverstaan?"**

*15 Die vrou sê vir Hom: Meester, gee my daardie water, sodat ek nie dors kry en hier hoef te kom skep nie.*

[10] **Die vrou** sê: "Gee dan vir my daardie water, sodat ek nooit meer dors sal wees nie en nie langer al die moeite sal hê om hiernatoe te kom om water te trek vanuit hierdie put nie. Want ek woon aan die

anderkant van die dorp en moet `n hele ent stap om hier te kom."

*16 JaHWèshua sê vir haar: Gaan roep jou man en kom hier.*

[11] **Ek** spreek: "O, vrou, jy verstaan nie. Daar is geen sin in om met jou te praat nie, aangesien jy werklik onkundig is aangaande die geestelik dinge. – gaan terug dorp toe, roep jou man en kom met hom terug na My toe. Ek sal met hom praat, want hy sal my sekerlik beter verstaan as jy. Of is jou man ook soos jy dat hy ook sy natuurlike fisiese dors met die geestelike water van nederigheid wil les?"

## *Die ware aanbidding van Elohim in Gees en Waarheid*

*17 Die vrou antwoord en sê: Ek het nie `n man nie. JaHWèshua sê vir haar: Jy het reg gesê: Ek het nie `n man nie;*

GJE BOEK 27 **Die vrou** antwoord baie snipperig: "Ek het geen man nie!", waarop **Ek** haar met `n glimlag antwoord: "Dit was saaklik, goed en korrek. Nou het jy werklik die waarheid gepraat.

*Joh. 4:18 want jy het vyf mans gehad; en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Dit het jy in Waarheid gesê.*

[2] Jy sien, My geliefde, jy het alreeds vyf mans gehad en, aangesien jou natuur nie in ooreen-stemming was met hulle s`n nie, het hulle gou siek geword en gesterf, want nie een kon meer as `n jaar met jou uithou nie. **Jy het bose ongediertes in jou liggaam gehad,** en jou ongediertes het spoedig enigeen doodgemaak wat saam met jou **geslaap** het. Die man wat jy nou het, is nie jou man nie, maar **slegs jou minnaar tot beide van julle se vernietiging**. Ja, ja, jy het alreeds aan My die Waarheid vertel."

*19 Die vrou sê vir Hom: Meester, ek sien dat U `n Profeet is.*

[3] Hierop word **die vrou** oorbluf, maar wil haarself nie verbind nie en sê na `n ruk: "Meneer, ek sien dat U `n Profeet is. Aangesien U so baie weet, sal U ook weet wat my kan help?

*20 Ons vaders het op hierdie berg aanbid, en julle sê dat die plek waar ons behoort te aanbid, in Jerusalem is.*

[4] Ek is bewus dat Elohim alleen in sulke dinge kan help, **maar hoe en waar** moet Hy aanbid word? Ons vaders sê dat Elohim op berg Gerasim aanbid moet word waar die eerste stamvaders Hom aanbid het. Maar U sê dat Jerusalem die korrekte plek is waar Elohim aanbid moet word. Aangesien U voor die hand liggend `n profeet van Elohim is, sê asseblief vir my waar Elohim werklik effektief aanbid kan word. Want kyk, ek is nog jonk, en mense sê dat ek baie aantreklik is. Dit sal vreeslik wees as my ongediertes my sal verteer terwyl ek nog lewe. Ag, wat `n arme, ellendige vrou is ek nie."

*21 JaHWèshua sê vir haar: Vrou, glo My, daar kom `n uur wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die VADER sal aanbid nie.*

[5] **Ek** spreek: Vrou, "Ek ken jou armoede, jou ellende en jou siek liggaam, en ek ken ook jou hart wat nou nie werklik die beste is nie, maar wat ook nie te sleg is nie. Waarlik, dit is die rede waarom Ek nou met jou praat. Waar die hart nog redelik goed is, is daar nog elke moontlikheid vir hulp. Maar jy is baie verkeerd deurdat jy twyfel waar Elohim waardig en effektief aanbid behoort te word.

[6] Glo My wanneer Ek jou vertel: Daar kom `n uur en dit is alreeds hier wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die VADER sal aanbid nie."

[7] Hierop skrik **die vrou** en sê: "Wee my, wee die hele volk! Wat sal dan van ons word? Dan moes ons sekerlik verskriklik oortree het, net soos die Judeërs? Maar hoekom het JaHWeH nie vir ons hierdie keer `n profeet gestuur wat ons kon waarsku nie? Alhoewel U as `n ware profeet na ons toe gekom het, wat is die nut as U nou sê: Elohim sal in die toekoms nie op die berg en nie in Jerusalem aanbid word nie? Beteken dit dan dat – wat ek nou skielik van U ernstige gesig kan lees – dat Elohim Sy volk heeltemal sal versaak en woning gaan soek by `n ander volk? Waar op aarde sal dit wees? O, vertel my, sodat ek daarnatoe kan gaan om Elohim, die Vader te aanbid as `n ware berouvolle persoon, waar ek Hom as `n miserabele vrou kan versoek om nie my volk heeltemal te verlaat nie."

[8] Daarop antwoord **Ek**; "Nou luister baie mooi na My, sodat jy kan verstaan wat Ek sê. Waarom is jy so vol twyfel en vrees? Dink jy Elohim is net so troueloos oor die nakoming van Sy beloftes soos wat die mense teenoor mekaar is?

*22 Julle aanbid wat julle nie weet nie; ONS aanbid wat ONS weet, want die Lossing is uit die Judeërs.*

[9] Jy klim die berg uit om daar te gaan aanbid, maar **jy weet nie wie of wat jy aanbid nie**. Dieselfde geld vir die wat in Jerusalem aanbid. Hulle hardloop tempel toe, terwyl hulle `n groot geraas maak, **maar hulle weet ook nie wat hulle doen en wie hulle aanbid nie.**

[10] Hoe dit ookal sy, soos Elohim dit deur die mond van sy profete uitgespreek het, die **lossing** kom nie

van julle nie, maar **is uit Judah.** Lees net die derde vers van die tweede HOOFSTUK van die profeet JeshaJaH, en jy sal dit vind."

*Kom laat ons optrek na die Berg van JaHWeH, na die Huis van die Elohey van Jakob, dat Hy ons Sy Weë kan leer en ons in Sy Paaie kan wandel. Want uit Sion sal die Wet uitgaan en die Woord van JaHWeH uit Jerusalem. [Miga 4:2]*

[11] Sê **die vrou**; Ja, ek weet dat dit geskryf is dat die wet vanuit Sion uitgaan, aangesien sy ook daar in die Ark van die Verbond gehou word. Maar waarom sê U dan; nie op die berg nie en ook nie in Jerusalem nie."

*23 Maar daar kom `n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die VADER in Gees en Waarheid sal aanbid; want die VADER soek ook mense wat HOM só aanbid.*

[12] **Ek** spreek: "Jy het My nog nie verstaan nie. Waarlik, Elohim, **die Vader van ewigheid is nie `n berg nóg `n tempel nóg `n Verbondsark en wandel nie op die berg of in die tempel of in die verbondsark nie.** Daarom het Ek jou vertel: Die tyd kom nader, en dit is voorwaar reeds hier voor jou oë, wanneer die ware aanbidders (soos jy hulle hier onder die bome in groot getalle sien rus, sommige wat jy alreeds in die dorp ontmoet het terwyl hulle voedsel gaan koop het) Elohim, die Vader **in Gees en in Waarheid sal aanbid, want van nou af wil die Vader hê dat die mense Hom so moet aanbid**.
***24 Elohim is Gees; en die wat HOM aanbid, moet in Gees en Waarheid aanbid.***

[13] Want waarlik, Elohim is een gees en die wat Hom aanbid moet Hom in Gees en in Waarheid aanbid.

[14] En daarvoor is geen berg of enige tempel nodig nie, maar **slegs `n liefdevolle, nederige en `n so suiwer as moontlike hart.** As die hart is wat sy veronderstel is om te wees, naamlik `n houer **vir die Liefde van Elohim,** `n houer vol **sagmoedigheid** en **ootmoed**, dan sal so `n hart die **volle Waarheid** hou. En waar daar Waarheid is, is daar Lig en **vryheid**, want die Lig van Waarheid maak elke hart vry. As die hart eenmaal vry is, is die hele persoon ook vry.

[15] Daarom, hy wat Elohim liefhet met so `n hart, is `n ware aanbidder van Elohim, die Vader, **en die Vader sal altyd sy gebed verhoor.** Hy sal <u>**slegs**</u> na `n man se hart kyk en sal geen aandag skenk aan die plek van aanbidding nie, want dit is werklik onbelangrik, of dit die berg of die tempel is, want die aarde behoort orals aan Elohim. Ek dink jy sal My nou goed verstaan het."

## *Die Meester maak Hom bekend as die Messias*

GJE BOEK 1-28 Sê **die vrou**: "Ja, Meneer, nou het U meer duidelik gepraat. Maar sê vir my: Is U nie meer dors nie en wil U nie van die waterbeker van `n sondaar drink nie?" **Ek** spreek: "Liewe vrou, vergeet daarvan, want Ek verkies jou bo jou beker en jou water. Toe Ek jou vroeër vir water gevra het, het Ek nie bedoel vanuit jou beker nie, **maar vanuit jou hart** waarin baie meer heerlike water is as in hierdie put en in jou beker. Met die water van jou hart kan jy ook jou hele liggaam genees, <u>want jou innemendheid wat Ek binne jou vind</u> sal jou genees as jy dit kan glo."

[2] Sê **die vrou**: "O Meester, hoe sal ek dit regkry om die water van my hart na my private dele toe te bring? Vergewe my, meneer dat ek sulke reguit taal teenoor u gebruik, maar ek is `n ellendige vrou en ellende ken nie beskeidenheid nie, dit ken net homself en maak die tong los na gelang van die behoefte. As ek nie so ellendig was soos wat ek is nie, sou ek waarlik my hart vir U aangebied het. Maar soos dinge nou is – O Elohim, Aparte Vader, help my! – ek is ellendig siek en moet nie tot my oortredinge byvoeg nie, want om so `n onsuiwer hart aan te bied vir `n suiwer man soos U, sal sekerlik die grootste moontlike oortreding wees."

[3] **Ek** spreek: "My liewe vrou, dit is nie dat jy jou hart vir My moet aanbied nie, maar **ek het dit reeds geneem** toe ek jou vir water gevra het. Daarom mag jy jou hart vir My aanbied, want Ek aanvaar ook `n Samaritaan se hart. As jy My liefhet, is dit vir jou goed, aangesien Ek jou alreeds liefgehad het lank voordat jy al aan my kon dink."

[4] Hierop bloos **die pragtige vrou** en sê ietwat verleë: "Van wanneer af ken U my? Was U al voorheen hier in hierdie dorp in Samaria? Waarlik, ek het nog nêrens eers `n vlugtige blik van U gekry nie. O, ek bid U, vertel my, wanneer en waar het U my gesien? Vertel my!"

[5] **Ek** spreek: "Nie hier of in Samaria of enige ander plek nie, nogtans ken Ek jou van jou geboorte af, selfs baie vroeër, en Ek het jou altyd liefgehad soos My lewe. Hoe hou jy daarvan? Is jy gelukkig omtrent My Liefde? Toe jy op ouderdom twaalf jaar in `n dam geval het, was dit Ek wat jou uitgetrek het. Maar jy kon nie die hand sien wat jou uit die dam uitgetrek het nie. Onthou jy dit nog?"

[6] Hier word die vrou regtig verward en weet nie wat om te sê nie, **want `n vuur is aangesteek in haar hart en haar liefde groei merkbaar groter**.

[7] Nadat haar hart vir `n rukkie aktief was, vra Ek haar of sy enigiets weet van die Messias wat moet kom.

> *25 Die vrou sê vir Hom: Ek weet dat die Gesalfde kom, Hy wat die Messias genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy ons alles verkondig.*

[8] Toe praat **die vrou**, haar wange nog steeds rooi, met groot emosie: "Meester, U as wysste Profeet van Elohim, ek weet dat die beloofde Gesalfde moet kom en dat Hy die Messias genoem sal word. Wanneer Hy kom, sal Hy nie net vir ons kom verkondig dit wat U nou so pas vir my vertel het nie? Maar wie sal ons vertel wanneer en van waar die Messias sal kom? Miskien kan U wat so vreeslik wys is, vir my meer uitvoerig inlig omtrent die koms van die Messias. U sien, ons wag alreeds lank, maar nêrens word `n woord gehoor van die Messias nie. U sal my `n groot guns doen as U my vertel wanneer en waar die Messias verseker sal kom om Sy volk te red van sy menige vyande. O, sê vir my as U dit weet! Miskien sal die Messias ook barmhartigheid betoon teenoor my en sal Hy my help as ek Hom smeek."

> *26 JaHWèshua sê vir haar: **Ek Is Hy**, wat met jou praat!*

[9] **Ek** sê kortliks aan die vrou, maar met liefdevolle erns: "<u>**Ek is Hy**</u> wat nou met jou praat."

### Genesing van die vrou by die put van Jakob

> *27 En op dié oomblik het Sy leerlinge gekom en hulle verwonder dat Hy met `n vrou in gesprek was. Tog het niemand gesê: Wat verlang U nie? of: Waarom praat U met haar?*

29 Hierdie verklaring skok die vrou, en meer nog omdat die leerlinge op daardie selfde oomblik terugkeer van die dorp met kos en hulle is verbaas om My in gesprek te sien met die vrou. Maar niemand van hulle het dit gewaag om My of die vrou te vra wat ons gedoen het of wat ons saam

bespreek het nie. Die ander reisgenote, insluitend My moeder wat teenwoordig was, was egter vas aan die slaap en kon kwalik gewek word. Die lang stap het almal uitgeput. Uiteindelik het die **een leerling** ook van die klein dorpie teruggekeer, wie na `n houer gaan soek het om water uit die put te trek, maar nie een gevind het nie. Hy bied verskoning aan en sê: "Meester, die klein dorpie het omtrent twintig huise, maar daar was nie `n enkele mens tuis nie en al die deure was goed gesluit."

[2] Hierop antwoord **Ek**: "Moenie daaroor bekommerd wees nie! Sien, in die fisiese en veral in die geestelike sal dit nog dikwels met Ons gebeur dat Ons, gedryf deur die dors van Ons Liefde, aan mense se deure sal klop (harte) soekend na `n houer om die lewende water mee te trek. Maar Ons sal die harte geslote en leeg vind. Verstaan jy hierdie sinnebeeld?"

[3] Aangedaan en verleë sê **die leerling**: "Meester, my geliefde Meester, ek het U inderdaad verstaan. Maar as dit so is, gaan ons nie baie sukses hê nie."

(Vervolg) GJE BOEK 1:29

[4] **Ek** spreek: "En tog, My broer, kyk na hierdie vrou. – Ek sê vir jou, dit is meer werd om een te vind wat verlore was as nege-en-negentig regverdiges, wie volgens hulle gewete nie berou nodig het nie, aangesien **hulle glo dat hulle Elohim elke Sabbat dien op die berg Gerasim**. Hulle verwyder op die vooraand van die Sabbat selfs alle houers om water mee te trek, sodat niemand mag water trek uit die put om sy dors te les op die Sabbat nie, omdat in die oë van die regverdiges die Sabbat onteer sal word.

O, die verskriklike blinde dwaasheid van sulke regverdiges. Maar hier staan `n sondaar met `n goeie waterbeker tot Ons diens. Vertel My, wie is beter? **Hierdie een of die nege-en-negentig Sabbathouers op die berg Gerasim**?"

[5] Vol berou sê **die vrou** egter: "Meester, U, Seun van die Ewige. Hier is my beker, gebruik haar. Ek los haar hier vir U diens. Maar laat ek my na die dorp haas, want ek staan voor u in `n heeltemal onwaardige kleed." **Ek** spreek: **"Vrou, word genees en doen wat jy dink is goed."**

*28 Die vrou het toe haar waterkan laat staan en na die stad gegaan en vir die mense gesê:*

[6] Wenend van blydskap los die vrou haar beker en verlaat die put en haas haar na die dorp, maar op pad kyk sy baie keer terug, groetend, **want sy het my geweldig lief.** Amper uitasem kom die vrou in die dorp aan, waar sy `n groep mans ontmoet wat in `n skaduryke laan heen en weer loop soos wat hulle gewoonlik op `n Sabbat doen. **Die mans**, wat die vrou geken het, vra spottenderwys: "Nou toe nou, hoekom so haastig? Waar brand dit?" **Die vrou** kyk hulle met liefdevolle erns aan en sê: "O, moenie grappies maak nie, julle dierbare manne, want ons tyd het meer ernstig geword as wat julle kan dink."

*29 Kom kyk `n Man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Messias nie?*

[7] Hierop val **die mans** haar in die rede en vra met angstige nuuskierigheid: "Nou wat is dit? Val die vyande ons land in, of is `n swerm sprinkane op pad na ons omgewing?"

[8] Uitasem sê **die vrou**: "Niks daarvan nie. Die saak is baie groter en meer buitengewoon. Luister nou in stilte na my.

[9] Alreeds `n uur gelede het ek na die put van Jakob gegaan om `n bietjie middagwater te gaan haal en daar vind ek `n Man wat op die klipmuur van die put sit, wat eers verseker soos `n Judeër vir my gelyk het. Toe ek, sonder om my aan Hom te steur, my water van hierdie put getrek het, praat hierdie Man met my en vra my om van my water in my beker te drink. Ek het dit geweier, menende dat Hy `n Judeër was.

[10] Maar Hy het weer gepraat, wys soos `n EliJaH en vertel my alles wat ek ooit gedoen het. Uiteindelik het Hy die gesprek na die Messias laat gaan, en toe ek Hom vra waar, hoe en wanneer die Messias sal kom, kyk Hy my met liefdevolle erns aan en sê in `n stem wat deur my murg gedring het: `**Ek is** Hy wat nou met jou praat'.

[11] Reeds vroeër, toe Hy my vertel het hoe siek ek was, het ek Hom gevra of ek weer gesond sal word. En nou teen die einde sê Hy vir my; `Word genees' en kyk, **my siekte het by my uitgevlieg soos die wind, en ek is nou heeltemal gesond**.

[12] Gaan asseblief daarheen en gaan kyk self of Hy nie waarlik die Messias is nie, die beloofde Gesalfde. Ek is oortuig dat **HY IS**, want groter tekens as wat hierdie Man doen, sal die Messias ook nie kan doen nie. Gaan dus uit en oortuig julleself. Maar ek haas my nou na my huis, om beter klere aan te trek, want soos ek nou daar uitsien, kan ek Sy heerlikheid nie aanskou nie. Selfs as Hy nie die Messias is nie, is Hy verseker meer as `n profeet of `n koning van die volk."

[13] **Die mans** sê: "Ja, as dit so is, sal hierdie tyd werklik baie ernstig en van groot belang wees. Ons moet daarnatoe uitgaan in groot getalle en onder ons sal heelwat moet wees **wat goed onderrig is in die skrifte**. Dit is ongelukkig dat al ons rabbis vandag op die berg is. Maar miskien kan Hy oortuig

# 2 April 2021 - Die Pasga

Groot Johannes Evangelie Boek 11 71

[3] Na hom toe het Ek nou vir (2 Getuies) **Petrus** (Elia=Werke van Vlees) en **Johannes** (Henog=Werke van Gees) gestuur, **om die Pasgalam daar gereed te maak**. As teken waar sy huis te vinde was, sê Ek vir hulle dat hulle `n man sou ontmoet wat `n waterkruik na sy huis sou dra, en dat hulle hom moes volg.

[8] Nadat Ons die lam op die tradisionele wyse geëet het, staan Ek op, omgord My en begin met die **voetwassing** *(Johannes 13:4-12),* waarmee die diepste verdeemoediging van die Menseseun uitgedruk word, omdat dit `n taak **van die laagste dienare en slawe was**. Tegelykertyd word daarmee gesê dat niemand My weë kan bewandel sonder dat Ek eers die instrumente vir hom gereinig het nie, **wat dit vir hom moontlik maak om ook op hierdie weg te gaan -** dit wil dus sê: Sy hart moet volledig gereinig wees van al die stof van die weë van die wêreld, wat hy tot nou toe bewandel het, en Ek is die Een wat hom die middele daarvoor sal aanreik. Daarom moet niemand die wassing vrees nie, **anders sal hy geen deel aan My hê nie.**

[9] Ek gee die leerlinge hiermee dus `n diepsinnige leer in `n simbool, waarby die simbool natuurlik nie die hoofsaak is nie, maar die daarin **vervatte kern**.

[10] Netsoos wat Ek My leerlinge gereinig het, moet ook die mense onder mekaar daarna strewe om mekaar te reinig, **sodat hulle My met `n gesuiwerde hart, dus met gewaste voete, werklik kan navolg**.

[22] Deur al die gesprekke het dit al laat geword, en nou neem Ek nogmaals die brood, waarvan **Ek** die eerste stukke toeberei het, en sê aan die elf: "Laat elkeen nog `n stukkie neem, wat Ek hier klaarmaak. Dit is My liggaam, **die vleesgeworde Woord**, wat **in julle** lewend moet word. Neem ook hierdie beker, drink almal daaruit; **dit is My bloed**, wat vir julle vergiet sal word ter vergewing van julle sondes. **Wie nie My vlees eet en My bloed drink nie, sal nimmer salig word nie**. Julle weet nou hoe julle dit moet begryp en sal julle nie meer vir sulke woorde vererg nie. Eet en drink, en doen dit, steeds wanneer julle dit doen, ter gedagtenis aan My. Waar twee dit ter gedagtenis aan My sal doen en in My Naam byeen is, daar sal Ek ook onder hulle wees."

**(Sien hiervoor onder andere **BOEK 9, hoofstuk 73:2**, Wie in My woord die brood van die hemele eet en deur te lewe volgens My woord, dus deur die werk van die ware, geheel onbaatsugtige liefde tot Elohim en sy naaste die wyn van die lewe drink, die eet ook My vlees en drink My bloed. Want soos die natuurlike brood wat die mens eet in die mens **tot vlees** word en die gedrinkte wyn **tot sy bloed** omgevorm word, so word in die siel van die mens ook My woord brood tot vlees en die wyn van die werk van liefde tot bloed.)*

# LESING 22 –3 April 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

Die lewende brood van die Meester. Die Sabbat

*31 EN intussen het Sy leerlinge by Hom aangedring en gesê: My Meester, eet.*

30 Terwyl hierdie aansienlike menigte van die dorp uitkom na die put toe, dring My leerlinge by My aan om iets vooraf te eet, want hulle het geweet dat wanneer mense na My toe kom, Ek geen voedsel inneem nie, en hulle het My liefgehad en was bevrees dat Ek sou verswak en siek sou word. Alhoewel hulle geweet het dat Ek die Messias is, het hulle My liggaam nog as swak en broos beskou, daarom het hulle aangedring dat Ek moet eet.

*32 Maar Hy sê vir hulle: Ek het voedsel om te eet waar julle nie van weet nie.*

[2] Maar **Ek** kyk hulle aan met liefdevolle erns en sê: "My liewe vriende, Ek het nou `n voedsel om te eet waarvan julle niks van weet nie."

*33 Die leerlinge sê toe vir mekaar: Het iemand dan vir Hom ete gebring?*

[3] **Die leerlinge** kyk na mekaar en vra: "Het iemand dan alreeds voedsel vir Hom van iewers af gebring? Watter soort voedsel kan dit wees? Het Hy dit alreeds geëet? Niks kan nêrens gesien word nie – behalwe die betreklike vol waterbeker. Miskien het Hy die water in wyn verander?"

*34 JaHshua sê vir hulle:* ***My voedsel is om die wil te doen van HOM wat My gestuur het en om SY werk te vervolmaak.***

[4] **Ek** sê vir hulle: "O, moet nie sulke dwase raaiskote maak oor wat Ek geëet of nie geëet het nie. Julle het alreeds baiekeer gesien dat terwyl Ek met julle was, Ek Myself nooit apart laat bedien het nie. Ek praat nie nou met julle van enige voedsel vir die liggaam nie, maar `n veel hoër en waardige geestelike voedsel wat bestaan daaruit dat Ek die wil doen van Hom wat My gestuur het en om Sy groot werk te voltooi. En Hy wat My gestuur het, is die Vader, wie julle sê dat Hy julle God is, alhoewel julle Hom nie noual ken nie. Maar Ek ken hom en daarom doen Ek Sy Woord, en dit is My ware voedsel wat julle nie ken nie. Ek vertel julle, nie net die brood nie, maar elke goeie daad of werke is ook voedsel, alhoewel nie vir die liggaam nie, maar te meer vir die gees.

*35 Sê julle nie: Dit is nog vier maande, dan kom die oes nie? Kyk, Ek sê vir julle, slaan julle oë op en aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes.*

[5] Baie van julle het landerye by die huis, en julle sê: Nog vier maande en die tyd van die volle oes het gekom. Maar Ek sê vir julle. Rig julle oë op. Die landerye is alreeds wit, ryp vir die oes. Ek bedoel egter nie die natuurlike landerye nie, maar die groot land wat die hele wêreld is, waar **die mense rypgemaakte koring is en bymekaar gemaak moet word in God se skure.**

*36 En hy wat maai, ontvang loon en vergader vrug vir die Ewige Lewe, sodat die saaier en die maaier saam bly kan wees.*

[6] En sien, hierdie bymekaar maak is ware werk en hierdie werk is ware voedsel wat Ek, sowel as julle, in oorvloed sal eet. Hy wat `n ware maaier op hierdie land is, maak die ware oes bymekaar vir die Ewige Lewe, sodat aan die einde van die oes, beide die saaier en die maaier saam bly kan wees.

*37 Want hierin is die Woord die Waarheid: Dit is een wat saai, en `n ander wat maai.*

[7] Want na die oes sal die saaier sowel as die maaier beide eet van een en dieselfde vrug en van een en **dieselfde Brood van die lewe**. Dan sal die ou gesegde heeltemal waar word: Een saai en `n ander maai, maar beide sal gelykop leef van hulle werk en een en dieselfde voedsel eet.

[8] Kyk na die groot menigte wat van die dorp na ons toe gekom het om die Beloofde in My te sien, en soos julle kan sien, is meer op pad. Kyk al daardie wat alreeds ten volle ryp are koring is, wat lank gelede reeds geoes moes gewees het. Ek sê vir julle met groot blydskap: Die oes is groot en daar is te min arbeiders, daarom, smeek die eienaar om meer arbeiders te stuur om Sy oes te maai.

*38 Ek het julle gestuur om te maai waar julle nie aan gewerk het nie. Ander het gewerk, en julle het in hulle arbeid ingegaan.*

[9] Ek het julle aangestel en het julle daardeur alreeds in die Gees uitgestuur om te maai wat julle nie gesaai het nie, want ander het gesaai en julle het nou ingekom vir die oes van hulle arbeid, waarvoor julle julleself baie bevoorreg moet ag. – Hy wat saai is nog ver van die oes, maar hy wat maai oes ook en het die **nuwe Brood van die lewe** alreeds voor hom. Wees nou dus ywerige maaiers, want julle pogings bring meer saligheid as vir die saaier."

[10] Meeste van die leerlinge het hierdie lering verstaan en het dadelik begin om My Woord van die Liefde tot God en die liefde vir `n mens se naaste aan die Samaritane te predik, ook dat Ek waarlik die Messias was.

[11] Maar **`n paar** wat nog in hulle hartsbegrip nog betreklik dom was, het na My gekom en in die geheim gevra: "Meester, waar kan ons sekels kry? Buitendien is dit nog `n Sabbat ook vandag."

[12] Waarop **Ek** geantwoord het: "Het Ek julle opdrag gegee om die natuurlike garslanderye wat voor ons lê, te oes? O, julle dwase mense, hoe lank moet ek julle nog verdra? Verstaan julle dan niks nie? Luister dan en begryp hierdie:

[13] My Woord aangaande die Koninkryk van God, eerstens in julle eie harte en vandaar deur na julle monde na die ore en in die harte van julle naastes en broers, is die geestelike maaiersekel wat Ek vir julle gegee het om die mense in te bring, julle broers, in die Koninkryk van God in, in die gebied van ware kennisname van God en die Ewige Lewe in God in.

Woord op 3 April 2021; 02H30 aan Daniel Grobbelaar

"My Gees deursweef die Hemele en in die bo-vertrek daal Sy neer met Liefdeskrag oor julle. MY Dogter van Sion, MY Boerevolk, al Weg na Salige Ewige Lewe saam en in MY is die **Weg na Eenheid in MY Liefde.**

Nederige Liefde wat dien in deemoed en vrolikheid is soos heerlike Wyn wat te Kana geskink word vir julle broers en susters.

Besef julle dat EK julle ook die Mag kan gee om water in Wyn te kan verander? Die Krag gesetel in My Lewende Bloed-Bewussyn is MY Gawe en Geskenk uit Liefde aan julle om MY Wyn te kan gaan uitdeel.

MY Volk, begin bewustelik leef in die nou van die oomblik en kyk wat om julle aangaan. Kyk en hoor wat die natuur aan julle te sê het om julle 'n dieper Insig te skenk in die Liefde. Lê neer die onbewustelike najaag van die materiele skatte en menslike vervulling van vlees, en kom laat EK julle vervul met Lewensbewussyn in MY Ewige Gees van Volmaaktheid.

Liefde is MY Gees, Liefde IS EK! Daarom breek EK MY Brood en deel uit aan julle harte sodat julle gevoed kan word met Lig, Krag, Waarheid en Wysheid.

Breek die bande van onvergewensgesinsheid en oorwin alle negatiewe lae vibrasie gedagtes deur om altyd te eet en te drink vanuit die Hand van jou Verlosser.

Oordeel nie en vergeef, besef dat elke siel oppad is na MY. Seën eerder en straal MY Liefde en Lig uit na buite en werk in jou eie siel om jou foute en sondes te oorkom.

EK skenk nuwe Krag en Nuwe Hoop aan jou, My Dogter. Fokus op MY en doen MY Liefde.

Geseënd is die nuwe wynsak waarin MY Wyn geskink word en geseënd is die siel wat MY Brood eet en uitdeel.

Dra MY uit na die wêreld deur julle gedagtes, woorde en dade van Liefde sodat Ons die Nuwe Skepping kan voortbring.

JaHshua spreek: Eenheid deur die Liefde HFS 44:

Staan nou weereens agter die soeker na genesing en plaas albei hande oor sy kop, en gee danksegging vir die krag van genesing! **Daarna, deur jou hande op sy <u>skouers</u> te plaas, gee jy hom die simbool en daardeur die krag om sy karmiese laste geduldig te dra**, sou die genesing nog nie vir hom moontlik wees nie.

ImmanuEL is met IsraEL! Dit is EK, Die Liefde wat jou sagkens lei. Hoor julle MY Stem?

MY Liefde vir julle ken geen perke nie. Besef hoe EK deur alles om jou, jou dien o kind van MY Liefde. Wees vrolik en dien weer MY deur jou naaste vanuit Liefde te dien en lief te hê.

Net deur Liefde kom verlossing en Oorwinning.

EK IS."

### Groot Johannes Evangelie Boek 1 - Hfs 30 (vervolg)

[14] Dit is voorwaar vandag Sabbat, maar **julle Sabbat** is dwaas en sinneloos soos julle hart, en julle dink aan die Sabbat want in julle harte lyk julle baie soos die Sabbat. Maar aangesien Ek ook Meester is oor die Sabbat, sê Ek vir julle:

[15**] As julle My leerlinge wil wees en bly, bevry julle harte so gou as moontlik van diè Sabbat. Want vir ons is elke dag `n dag vir werk, want wanneer die Meester van die Sabbat werk, sal Sy diensknegte nie ledig wees nie.**

[16] Moet die son nie opkom en neerdaal op die Sabbat net soos op elke weeksdag nie? As die Meester van die son en die Sabbat sal ophou met werk op die Sabbat, sal julle tevrede wees met `n pikswart Sabbat? Sien hoe dwaas is julle nog! So begin nou om te doen wat Ek en ook julle broers besig is om te doen, en julle sal `n ware lewende Sabbat vier wat My welgevallig sal wees."

[17] Na hierdie woorde het ook die swakker leerlinge na die Samaritane gegaan, wie alreeds in groot getalle vanaf die dorp na My toe gekom het, en het hulle geleer wat hulle omtrent My geleer het.

### Samaritane herken die Meester en aanvaar Hom

*39 En baie van die Samaritane uit daardie stad het in Hom geglo oor die woord van die vrou wat getuig het: "Hy het my alles vertel wat ek gedoen het."*

31 En so het dit <u>tot die aand toe</u> aangegaan, en baie van die wat vanaf die dorp na My toe gekom het, het nou in My geglo, aanvanklik, as gevolg van die vrou se getuienis, wie nou met vurige woorde die dorpsmense vertel hoedat Ek haar alles vertel het wat sy ooit gedoen het. Daarna het baie egter geglo as gevolg van wat die leerlinge hulle omtrent My vertel het.

[2] Want daar was **sekere mense** onder hulle wat goed onderrig was in die Skrifte. Hulle sê: "Hierdie Een praat soos Dawid wat sê: `Die verordeninge van JaHWeH is elkeen waar en regverdig, meer begeerliker as goud, suiwer goud in oorvloed, soeter as stroop of heuning van die heuningkoek. My begeerte is om U Wil te doen, o JaHWeH en U wet is in my hart. In die groot vergadering het ek bekendgemaak wat reg is, ek het nie my woorde teruggehou nie, soos U weet, o JaHWeH, ek het nie U goedheid in my hart verborge gehou nie, ek het U getrouheid en reddende Krag verkondig, en nie U onfeilbare Liefde en Waarheid van die groot vergadering verborge gehou nie.' Maar ons weet dat ons getuienis vol Waarheid en Krag is, want Hy wat so praat en optree, soos Dawid voor Hom in Sy Naam gespreek en opgetree het, is die ware en beloofde Messias. Tot op hierdie Een, na Dawid het niemand so gespreek en opgetree soos Dawid nie, daarom moet hierdie Een verseker die Gesalfde wees, die Messias van God vir ewig. Daarom sal ons Hom heeltemal aanvaar."

*40 Toe die Samaritane dan by Hom kom, het hulle by Hom aangedring om by hulle te bly; en Hy het daar twee dae gebly.*

[3] Nadat hierdie Samaritane onder mekaar van My getuienis gegee het, het hulle My baie eervol genader en My gesmeek om by hulle te bly. Want **hulle** sê: "Meester, U wat die Ware Messias is soos ons U nou herken het, bly by ons, want in Jerusalem sal u baie min aanvaarding vind, maar eerder meer ongeloof en allerhande soorte vervolging. Op die hele aarde is daar nie iets erger as `n fariseër nie. Nie op land of op water nie. Hier sal U egter behandel word soos dit gepas is vir die Een wie Moses, Dawid en die profete aan ons belowe het."

[4] Maar **Ek** sê vir hulle: "Dierbare manne van Sigar, Ek is verheug dat Ek so `n goeie oes in julle land afgehaal het, maar dit sal nie reg wees vir My om hier te bly waar Ek die wat siek is, genees het, waar hulle nou in `n goeie toestand verkeer en Ek die baie siekes elders verontagsaam. <u>Ek sal vir twee dae by julle vertoef en op die derde dag My reis na Galilea voortsit."</u>

*41 En baie meer het op grond van Sy woord geglo*

[5] Daarop het baie meer na hom toe gekom, die wat vroeër nie volkome in Hom geglo het nie, en nou hulle onwrikbare vaste geloof bely. Maar **die vrou** was ook daar, <u>goed geklee</u>, en sê vir die wat nou glo: "Liewe vriende, julle sal my nou eervol aanvaar, sal julle nie? **Want dit was ek wat julle eerste die weg hierheen gewys het**, toe julle my grap-penderwys gevra het waar dit brand."

*42 en aan die vrou gesê: "Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Messias, die Verlosser van die wêreld is."*

[6] **Die Samaritane** sê: "Aangesien die Meester jou aanvaar het **voor ons**, word jy ook deur ons as eervol aanvaar soos wat dit die gebruik in Sigar is. Maar van nou af glo ons nie op grond van wat jy gesê het nie, want ons het Hom nou self gehoor en Hom erken as die ware Messias, die Verlosser van die wêreld. Jy sal ons nie meer kan laat glo as wat ons reeds glo nie, daarom, as jy nie meer sal sondig nie, sal jy met die grootste respek deur ons behandel word."

[7] **Die vrou** sê: "Ek het nie naastenby so veel gesondig as wat julle ongelukkig mag dink nie.

Voordat ek `n man se vrou geword het, het ek op `n ordentlike manier geleef soos wat dit `n vrou betaam. Dat ek onvrugbaar was en dat elkeen van my vyf wettige mans moes sterf kort nadat hulle met my geslaap het, daarvoor kan ek onmoontlik geblameer word, veral vir hulle van wie ek sodanige vleesaandoening gekry het dat ek daarna onooglik was vir enige man. Nadat ek vyf mans verloor het, wat my onmeetbaar bedroef het, het ek besluit om nooit weer te trou nie. Maar `n jaar later het daar `n **geneesheer** na Sigar gekom wat met kruie, olies en salwe baie mense genees het. Aangevuur deur my groot droefheid, het ek ook hom om hulp barmhartigheid gevra."

[8] Hy het my ondersoek en gesê: "Vrou, ek sal die wêreld versit om jou te help, want ek het nog nooit `n meer beeldskone vrou gesien nie. Alhoewel ek jou nie kan genees nie, kan ek jou kwaal verlig." "Hy het sy intrek in my karige woning geneem, my daagliks kalmerende geneesmiddels gegee en na my omgesien, maar hy het nog nooit my siek liggaam met bose bedoelings aangeraak nie, soos wat julle verkeerdelik mag dink nie."

[9] "En daarom is ek natuurlik altyd `n sondaar in die oë van God, soos wat julle almal nie betwyfel nie, maar in julle oë glo ek nie dat ek so `n groot en walglike sondaar is as wat julle veronderstel nie. Vra die Een wat hier by Jakob se put sit en wat my vroeër alles vertel het wat ek gedoen het. Hy sal julle vertel tot watter mate ek die reputasie van `n openbare sondaar verdien al dan nie."

[10] Hierop kyk **die Samaritane** verbaas na mekaar en sê vir die vrou: "Kom, kom, moenie meer bekommerd wees nie, ons het nie regtig so sleg gedink nie. Jy sal nou `n geëerde burger van Sigar word. Is jy nou tevrede?"

[11] **Die vrou** sê: "Ag, moenie oor die eer van `n arm vrou bekommerd wees nie. **Ek het alreeds die grootste deel van die eer vir myself geneem**."

[12] **Die Samaritane** sê: "Hoe het jy dit gedoen? Ons weet niks van `n orde van eer wat die dorp aan jou gegee het nie. Waar het jy dit vandaan gekry?"

[13] **Die vrou** antwoord terwyl sy **na My wys** met trane van ware liefde en egte dankbaarheid. "Hier, Hy rus nog eers. **Hy alleen is nou my grootste eer**, `n eer wat nie julle nie en nie die wêreld aan my kan toeken of van my kan wegneem nie. Want Hy self het dit aan my gegee, en van Hom het ek dit

# LESING 24 –6 April 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

Groot Johannes Evangelie Boek 1 - Hfs 31 (vervolg)

[14] **Die Samaritane** sê: "Hoekom moet jy `n voordeel hê omdat dit so gebeur het dat jy eerste hier uitgekom en die Messias ontmoet het? Ons het hom ook nou gevind en loof Hom in ons harte net soos jy, en Hy het aan ons dieselfde as aan jou belowe deurdat Hy vir twee dae in ons dorp sal oorbly. In die lig hiervan, hoe kan jy nou praat van `n groter eer wat aan jou betoon is?"

[15] **Die vrou** sê: "Julle dierbare manne van Sigar, as ek met julle moet argumenteer, sal ons nooit ophou nie, ek het julle so pas absoluut waaragtig vertel wat die situasie is en sal dit nie herhaal nie. Sommige van julle het die Romeinse reg bestudeer. Hulle is nou regters volgens hierdie wet en sê dat dit `n wyse wet is. Nou sê hierdie wet, wat ek ook gelees het, want ek verstaan die Romeinse taal, die volgende: Primo occupanti jus (**ek was eerste hier en daarom kan jy my nooit ontneem van my goeie reg nie**)."

[16] Hierop bly die Samaritane stil, want hulle weet nie wat om haar te antwoord nie, want sy het hulle op hul swak plek geslaan en hulle was onbevoeg om terug te kap. As gevolg van die Judeërs, was hulle goeie vriende van die Romeine en het die wysheid en orde van die Romeinse reg hoog aangeslaan. Daarom het hulle geswyg toe die vrou na die Romeinse reg verwys het.

[17] Dit is geen wonder dat die vrou in die Romeinse taal bedrewe was nie, want die Samaritane het sonder uitsondering Romeins en baie het ook Grieks gepraat, om sodoende selfs deur die taal alle kontak met die Judeërs te vermy.

## Die Meester gaan na die huis van die vrou. Die Meester sien slegs die hart aan

32 Dit het nou begin donker word en almal wat van Judea af saam met My gekom het, het die hele agtermiddag deurgeslaap. Hulle het nou een vir een ontwaak en was verbaas dat die aand so gou aangebreek het. Moes hulle nou begin herberg soek, of sou Ek nou gedurende die koeler ure van die nag voortgaan op My weg?

[2] **Ek** sê egter: "Terwyl die mens slaap, hou die Meester steeds wag. Die Meester voorsien alles, en die wat met Hom is hoef vir niks voorsiening te maak nie, behalwe dat hulle by Hom sal bly. Daarom, maak gereed, sodat ons na hierdie dorp van die Samaritane kan gaan. Daar sal almal van ons goeie herberg vind. Hierdie vrou hier, wat vandag op die middag geweier het om aan My water te gee om te drink, **het `n ruim huis en ek dink sy sal nie weier om ons vir twee dae te akkommodeer nie."**

[3] Daarop kom **die vrou**, wenend van liefde en blydskap, en val voor My voete en sê: "O, Meester, U is my Verlosser, hoe kan ek as arme sondaar hierdie barmhartigheid gegun word?"

[4] **Ek** spreek: "**Jy het My in jou hart ontvang**, wat baie **meer waardevol is as jou huis**, daarom is dit onwaarskynlik dat jy sal weier om My ook in jou huis te ontvang, **wat Jakob, net soos hierdie put, vir sy seun Josef gebou het**. Maar daar is baie van ons, en vir twee dae sal jy baie besig wees deur vir ons te sorg. Jy sal egter besonder voordeel trek hieruit."

[5] **Die vrou** sê: "Meester, selfs al was julle tien maal soveel, julle sal almal goed versorg word, vir sover dit in my vermoë is. My reeds baie vervalle huis het baie skoon kamers en is redelik goed gemeubileer vir sover ek dit kan bekostig, en is slegs deur my, my geneesheer en sommige van sy diensknegte bewoon. Maar ek sê vir U, O Meester, **my huis is U s`n. U alleen is die wettige eienaar van my huis, want U het die oudste reg daartoe**. Van nou af aan is dit geheel en al U s`n en sal so bly met alles daarbinne."

[6] **Ek** spreek: "**O vrou, groot is jou geloof en jou hart is baie opreg.** Daarom sal jy **my leerling wees en bly**. En waar hierdie Boodskap ookal verkondig sal word, **sal jy in alle ewigheid genoem word**."

[7] **Die Samaritane** was verbaas en **ietwat vererg** hieroor en verskeie van hulle kom na My en sê: "Meester, ons het ook huise en dit sou meer gepas gewees het as U by ons sou tuisgaan. Want kyk, hierdie vrou se huis het **`n slegte naam hier en is meer `n ruïne as `n huis."**

[8] **Ek** sê: "Julle is alreeds drie ure saam met My en het My weliswaar herken. Dit begin alreeds donker word, maar **niemand van julle het vir My of My leerlinge herberg aangebied nie,** alhoewel Ek aan julle versoek voldoen het en beloof het om vir twee dae in julle dorp te vertoef.

[9] Maar Ek het na hierdie **vrou se hart** gekyk en sy het kragtig verlang dat Ek gewillig sou wees om by haar herberg te neem. Daarom, dis nie Ek wat gevra het om in haar huis tuis te gaan nie,**maar haar hart het dit gevra**. Aangesien hierdie hart nie voor julle gedurf het om te praat nie, het Ek hierdie hart halfpad ontmoet en haar gevra wat sy begeer het om met haar brandende liefde, vol gewillige verlange en gretigheid aan My te gee.

[10] Dit is die oorwegende rede waarom Ek nou in hierdie vrou se huis sal herberg neem vir twee dae. **Geseënd is hy wat nie aanstoot sal neem oor hierdie saak nie**."

[11] **Ek** sê vir julle: "Soos `n persoon saai, so sal hy maai. Wie karig saai, sal ook so maai, maar wie oorvloedig saai, sal oorvloedig maai. Niemand van julle het sover aan My of aan My leerlinge enigiets aangebied nie, maar hierdie vrou het My onmiddellik **eienaarskap gebied van alles wat sy besit**. Wie van julle het dit vir My gedoen? Is dit dan nie ook regverdig dat Ek haar eer voor julle almal nie? Ek vertel julle: wie ookal met hierdie vrou gaan argumenteer oor hierdie saak, **met hom sal dinge baie**

**sleg gaan in sy tydelike lewe."**
[12] Hierop het die Samaritane, sigbaar vererg, verbaas na mekaar gestaar, maar daarna hulleself reggeruk en My om toestemming gevra sodat hulle My die volgende dag kon besoek.
[13] Maar **Ek** antwoord: "Ek nooi julle nie of verwag nie iets van julle nie. Die van julle wat egter vrywillig na My toe sal kom, sal die deur nie gesluit vind nie, maar sal volkome vrye toegang hê tot My. Daarom, wie ookal wil kom, laat hom kom en wie ookal wil tuis bly, laat hom tuis bly, want Ek forseer en oordeel niemand nie."
[14] Hierop staan die Samaritane op en gaan dorp toe. Maar Ek het nog `n rukkie by die put vertoef, **en die vrou het al die dorstiges wat saam met My was, iets gegee om te drink van haar waterbeker.**

## LESING 25 –7 April 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

Groot Johannes Evangelie Boek 1 - Hfs 33
In Sigar en omgewing:
Wonderlike gebeurtenisse in die huis van die vrou in Sigar. Die geneesheer en die Samaritaanse wetsgeleerde

33 Haar geneesheer, wat vroeër ook saam met haar gekom het, het homself vooruit gehaas om `n oorvloedige maaltyd en die beste inwoning vir My deur sy diensknegte voor te berei. Toe hy egter sy huis binnetree was hy uit die veld geslaan deurdat sy mense alreeds amper klaar was met alles wat hy van plan was om te reël. Toe hy tot verhaal kom, vra hy wie dit versoek het. **Hulle** sê egter: "`n Jong man met die mees glorieryke voorkoms het gekom en baie vriendelik gepraat: `Doen dit, want die Meester wat na hierdie huis toe kom, het al hierdie dinge nodig'. Toe ons hierdie ongelooflike ding hoor, het ons alles neergesit en is nog steeds besig om dit wat hierdie seldsame jong man ons versoek het,te doen."

[2] **Die geneesheer** sê in sy verbasing: "En waar is hierdie seldsame jong man?" Maar **die diensknegte** antwoord: "Ons weet nie, want hy het die huis verlaat onmiddellik nadat hy dit versoek het en ons weet nie wat van hom geword het nie." **Die geneesheer** sê egter: "Moenie dat dit julle afskrik nie, **`n groot seëning het oor hierdie huis gekom, en julle sal almal deel wees daarvan."**

[3] Daarmee haas die geneesheer homself weer uit die dorp uit om aan My te vertel hoe alles gereedgemaak is.

[4] Hy hardloop hom nietemin nog in `n klomp **aards-Mosaiëte** vas, wat hom voorkeer en hulle sê: "Vriend, dit is nie reg om jou so te haas op `n Sabbat nie, ken jy nie al die verskillende maniere waarop die dag van JaHWeH onteer kan word nie?"

[5] **Die geneesheer** antwoord: "Julle Mosaïese beter-weters! Julle beskou hardloop op `n Sabbat as `n sonde, alhoewel die son alreeds onder is, wat dit nou na-sabbat maak. Wat noem julle die ontering van julle vrouens en diensmeisies, waar julle op `n sabbat met hulle hoereer, ontug pleeg en egbreek? Het Moses dit beveel op JaHWeH se dag?" **Die Samaritane** sê: "Ons sal jou met klippe doodgooi oor sulke praatjies as dit nie vir die Sabbat was nie, maar ons sal jou hierdie keer laat gaan!" **Die geneesheer** antwoord: "Nou toe nou, julle taal en manier is natuurlik hoogs vanpas, veral op `n tyd waar die Messias inderdaad buite die hekke van Sigar verwyl, waarheen ek haas om aan Hom mee te deel dat alles vir Sy verwelkoming in Sy huis gereed is! Het julle nie gehoor wat vandag buite die hekke van ons stad plaasgevind het nie?"

[6] **Die Samaritane** sê: "Ons het verseker gehoor dat `n Judese geselskap buitekant by die put gekamp het en dat `n Judeër, waarskynlik die voorbok, Homself as die Messias voordoen. Weet jy as geneesheer nie dat die Judeërs `n voorliefde het om ons arme dwase op hierdie manier vir die gek te hou nie?! Hierdie Een sal `n mooi Messias wees! Dink jy ons ken Hom nie?! **Is ons dan nie ook van Galilea nie**, en van jou geloof, **vas in Moses se verordeninge nie**? Maar omdat ons van Galilea is, ken ons hierdie Násarener wat die skryn-werker se Seun is. Hy het Sy smaak vir werk verloor, daarom sal Hy homself as `n brutale instrument van die fariseërs laat gebruik, waar Hy van die toorkuns gebruik sal maak wat Hy geleer het, waarop Hy Sy Massiagskap sal wil bewys! En donkies en osse van jou soort, eet sy verleidelike praatjies vir soetkoek op. Hulle moet almal gevang en gegesel word en oor die grens gesmyt word soos modder en drek!"

[7] **Die geneesheer** antwoord: "O, julle blindes! Hier agter by my huis wag Engele op Hom wat vir Hom voedsel, drank en beddegoed van die Hemele af bring en julle praat so! Mag JaHWeH julle straf hiervoor!"

[8] Toe die geneesheer dit uitgespreek het, **word tien van hulle onmiddellik stom en niemand kon verder nog een woord uiter nie.** Hulle het stom gebly vir die volle twee dae van My verblyf in Sigar. Die geneesheer verlaat hulle egter en haas homself na My toe.

[9] Toe **hy** daar aankom, sê hy: "Meester, U huis is gereed! Daar is wonderwerke aan die gang, maar op pad na U toe, o Meester, het ek sekere snoodaards teëgekom wat `n vieslike getuienis van U probeer gee het. Maar hulle geskreeu het nie vir lank gehou nie! U Engel het hulle oor die mond geklap en almal behalwe twee is met stomheid geslaan. Hierdie twee het vrees-lik geskrik en het op die vlug geslaan. Al hierdie dinge, o Meester, het slegs binne `n halfuur plaasgevind!" **Ek** sê: "Hou goeie moed, dit moes gebeur het, sodat hulle wat alreeds in My Naam glo, **nie van Ons weggewys sal word nie**! Laat ons egter nou gaan, en jy, My dierbare Samaritaanse vrou, moet nie jou skepding vergeet nie!" Die vrou trek onmiddellik vars water om saam met haar huis toe te neem. Dit het `n halwe dag geneem by Jakob se put buite Sigar, en `n goeie oes is vir hierdie dorp afgehaal.

Die inrigting van die huis van IrhaEl vanuit die hemele

34 Maar My leerling, **Johannes** vra: "Meester, as dit U wil is, sal ek graag alles nog vannag wil aanteken wat hier plaasgevind het.

[2] **Ek** sê: "Nie alles nie, My broer, maar net dit wat Ek aan jou sal dikteer om neer te skryf! Want as jy alles moet aanteken wat gebeur het en wat nog gaan gebeur in die volgende twee dae, sal jy baie velle moet volskryf, maar wie sal dit alles kan lees en begryp? As jy egter slegs die hoogtepunte aanteken in die wisseling wat aan jou gegee sal word, dan sal die wyses deur My Naam in elk geval alles ontdek wat hier plaasgevind het en waarom, en jy sal jouself baie moeite bespaar. Daarom, My mees geliefde broer, wees rustig oor jou werk, **want jy sal steeds vir ewig die mees belangrikste aantekenaar van My leringe en**

**dade bly."**

Die inrigting van die huis van IrhaEl vanuit die hemele, GJE BOEK 1, Hoofstuk 34

[3] **Johannes kus My op die bors** en aangesien dit **goed donker** geword het, gaan ons na die dorp na **Josef se huis,** vergesel deur die **vrou en die geneesheer. m**

[4] Soos wat ons die werklike groot huis nader, ontdek die vrou voorbereidings vir My verblyf in haar huis wat **sy in haar wildste drome nie verwag het nie**! Want daar is `n goeie aantal goedgedekte tafels, met die regte aantal stoele, daar is goedbeligte lampe van edelmetaal op elke tafel. Die vloere is deurgaans bedek met die mees wonderlikste tapyte, die mure is simmetries behang met geblomde matte, en die mees voortreflikste wyne glim uit die mees sierlikste kristal-bekers vir die gaste!

[5] **Die vrou** is totaal buite haarself en sê na eindelose verwondering: "Maar Meester, wat het U gedoen? Het U dalk U leerlinge in die geheim gestuur om hierdie voorbereidings te tref? Waar het hulle alles vandaan gekry? Ek weet wat ek het, verseker **niks wat goud of silwer is nie,** maar hier glinster hierdie edelmetale die wêreld vol! Ek het nog nooit so `n kristalbeker gesien nie, en hier is honderde, elkeen ten minste dertig silwerstukke werd. Kyk die wyn, die kos en die vrugte, die lieflike brood en die talle duur tapyte, elkeen ten minste honderd silwerstukke werd, verseker. O Meester, vertel asseblief vir my as arm vrou of U al hierdie dinge saam met U gebring het, of is dit dalk iewers in hierdie dorp gehuur?"

[6] **Ek** spreek: "Kyk hier, dierbare vrou! By die put het jy gesê dat **hierdie huis aan My behoort**. Ek het hierdie geskenk van jou aanvaar en aangesien **hierdie huis nou Myne is**, sou dit nie mooi van My gewees het om jou as gewer te begelei na `n **onbehoorlike** vertrek nie. Voorwaar, dit is hier soos die een hand wat die ander was, die een voortreflikheid vra vir `n ander! **Jy het dit in geheel vir My aangebied soos wat dit was, met jou hele hart, maar Ek gee dit aan jou terug soos wat dit huidig gemeubileer is.** Ek neem aan dat jy gemaklik sal wees met hierdie ruil? Want voorwaar, Ek het ook `n paar idees omtrent die regte versierings en smaak."

[7] En **Ek** sê aan jou: "Al hierdie, soos alle ander dinge het Ek ook van My Vader geleer! Want selfs die eindelose baie wonings in My Vader se huis is uitgelê in die mees voortreflikste smaak en vol van die aller-grootste ornamente, wat jy alreeds goed kan sien as jy noukeurig let op die blomme van die veld, die eenvoudigste wat met meer glorie beklee is as Salomo in al sy koninklike glorie!

[8] As die Vader egter alreeds verganklike blomme so beklee, hoeveel te meer sal HY SY Huis beklee wat in die hemele is!? Maar; wat die Vader ookal doen, dit doen Ek ook, want Ek en die Vader is fundamenteel en volkome Een! Wie ookal vir My ontvang, ontvang ook My Vader! Wat iemand ookal vir My doen, doen hy ook vir die Vader, en jy kan My niks gee wat jy nie binnekort honderdmaal terug sal ontvang nie! Nou weet jy wat nodig is.

[9] Maar laat ons nou aansit en deelneem aan die aandmaaltyd, want daar is baie onder ons wat honger en dors is. Nadat ons onsself versterk het, kan ons hierdie punt verder bespreek."

[10] Almal sit aan by die tafels, dank en versterk hulleself met kos en drank.

Die leerlinge sien die hemele geopend

HFS 35: Na afloop van die maaltyd nader die vrou My weer, maar waag dit nie om te praat nie, aangesien sy gedurende die maaltyd die geneesheer se diensknegte gevra het hoe al hierdie dinge ingebring is. En **die diensknegte** het gesê: "Dierbare mevrou, alleen Elohim weet wat hier aangegaan het. Ons het die kleinste aandeel hierin gehad. Die geneesheer het absoluut geen aandeel hierin gehad nie, want alles was gereed toe hy gekom het. Wel, voordat hy gekom het, terwyl ons met sy sake besig was, toe daag daar skielik `n **uitermatig aanvallige jeugdige** op en vertel ons om dit en dat te doen, want die Meester het dit nodig, en ons het onmiddellik begin doen wat hierdie seldsame jongeling vir ons vertel het. Hierdie dinge het werklikwaar op `n eienaardige manier gebeur! Wanneer ons gaan om iets te doen, was dit alreeds gedoen, daarom kan ons slegs sê: Hier het Almagtigheid geheers en die blanke jeugdige moes `n **Engel van JaHWeH** gewees het! Die saak kan op geen ander manier verklaar word nie. Die Persoon wat vroeër die eetkamer saam met jou binnegekom het, moet `n groot Profeet wees, aangesien die magte van die hemele Hom dien!"

Gelofte van die Dogter van Sion gehou te word gedurende die week van 14 September 2003 tot 20 September 2003.

(AANHALING) "Onderneem ons dat:

Ons ons harte van klip sal verander in harte van vlees, sodat U kan inkom in ons harte en **U Geestelike Huis kan bou** soos wat U profete voorspel het.

Ons met mekaar, met ons naaste en ons broers, in **ware broederliefde** sal omgaan soos wat U ons kom leer het."

## LESING 27 – 9 April 2021 - Die bevryding van die Gees van Waarheid (ons Moeder)

Die inrigting van die huis van IrhaEl vanuit die hemele, GJE BOEK 1, Hoofstuk 35

[2] Toe sy die diensknegte so hoor praat, het sy nog meer verskrik geraak en het kwalik gewaag om te praat. Na `n lang tyd sê **sy** met `n swakkerige stem. "Meester! U is meer as net die beloofde Messias! Dit was sekerlik U wat vir Farao gestraf het, die Israeliete uit Egipte uitgelei het en die Gebooie donderend aan hulle by die hoë Sinai uitgespreek het."

[3] Maar **Ek** sê vir haar: "**Vrou! Die tyd om dit aan die mens bekend te maak, het nog nie gekom nie**. Hou dit vir die huidige **in jou hart**! Maar sien toe dat die menigte wat saam met My van Judea af gekom het, na hul slaapkwartiere geneem word, **maar bly jy self hier saam met die genees-heer en My leerlinge, wat nou al tien is**! Maar gee die **skoonste bed** vir die vrou aan My sy, die moeder van My liggaam, sodat sy goed kan rus, want voorwaar, die alreeds bejaarde moeder het vandag `n groot reis afgelê en het `n goeie rus nodig om haar te versterk."

[4] Die vrou is oorstelp om te verneem dat hierdie onopsigtelike vrou My moeder is en sien uitste-kend om na haar. En Miriam loof haar vir haar sensitiwiteit, maar raai haar nietemin aan **om te doen soos wat Ek haar beveel het.**

[5] Nadat almal gaan slaap het, en die vrou en die dokter tesame met My leerlinge hulleself **alleen** met My in die eetsaal bevind, sê **Ek** vir die leerlinge: "Julle sal onthou tydens julle indiens-name deur My te Betábara in Galilea dat Ek vir julle gesê het dat julle van nou af die hemele geopend sal sien en die **Engele van Elohim** neerdaal na die aarde, en voorwaar, dit sal nou letterlik vervul word! Niks van wat julle hier sien en geëet en gedrink het, is van hierdie aarde nie, **maar is van die hemele** verkry deur die Engele. Maar open nou julle oë en sien hoeveel Engele gereed staan om My te dien."

[6] Hiermee is die oë van almal geopen, en hulle sien die skare Engele wat neerdaal vanuit die hemele gereed om My te dien. Want soos hulle oë geopen word, verdwyn die mure van die huis, en alles in die hemele word sigbaar geopen.

[7] En **Nathaniël** sê: "Waarlikwaar Heer, U is getrou en Waaragtig! Wat U gespreek het, het nou wonderbaarlik in vervulling gegaan! Waarlikwaar, U is inderdaad die Seun van die lewende God! God spreek tot Abraham deur Sy Engele, Jakob sien in `n droom die Engele neer-daal en opgaan met `n leer, maar hy het JaHWeH nie gesien nie, slegs `n Engel waar JaHWeH se Naam in sy regterhand gegraveer was. En Jakob, wat Sy wese as Meester betwis het, het begin mank loop as gevolg van `n kragtige hou op die heup. Moses het met JaHWeH gespreek, maar het niks behalwe vuur en rook gesien nie, en aangesien hy in `n grot moes wegkruip omdat JaHWeH daar wou verbygaan, was hy nie toege-laat om te kyk nie en JaHWeH het verbygegaan. En toe hy daarna kyk, sien hy slegs die agterkant van JaHWeH, maar moes daarna sy gesig bedek met `n **drievoudige sluier**, want hy het helderder as die son geskyn en niemand kon na hom kyk sonder om te sterf nie! Daarna was dit slegs EliJaH wat JaHWeH in `n ligte briesie ervaar het! En nou is U Self hier!"

[8] Hier onderbreek **Ek** vir Nathaniël en sê: "Dit is voldoende, My broer, die uur het nog nie aange-breek nie! Dit is aan `n suiwer siel soos joune wat sonder bedrog en valsheid is gegee om dit waar te neem. **Maar hou dit totdat die tyd ryp is.** Want sien, nie almal wat My volg is soos jy nie.

[9] Maar die vrou wat nie soos jy was nie, is nou so, daarom het sy `n voorgevoel gehad wat jy wou gesê het. Maar die uur het nog nie aangebreek nie. **Laat Moses se sluier finaal afgepluk word van sy skynende gesig wanneer die gordyn in die tempel in twee geskeur het**."

Die Meester trou vir Joram en IrhaEl

36 Daarna vra **Johannes** My: "Meester, dit moet ek sekerlik neerskryf! Dit is meer as die teken te Kana! Dit is nou eenmaal `n ware teken van U koms!"

[2] Ek spreek: "Laat dit ook staan, want dit wat jy opteken is `n teken vir die wêreld, maar laasge-noemde het nie die kennis om dit te begryp nie! Waarom dan so `n poging. Dink jy die wêreld sal dit glo? Voorwaar, hulle wat teenwoordig is glo dit omdat hulle dit kan sien, maar die wêreld, wat in die duisternis wandel, **sal nooit glo dat dit hier plaasgevind het nie,** want nag kan onmoontlik nie die werke van die dag bedink nie. Sou jy hulle aangaande die werke van die Lig vertel, sal hulle jou uitlag en jou uiteindelik bespotlik maak. Volstaan daarby dat jy slegs dit moet aanteken